

Inhoudsopgawe

6de Jaargang, Nommer 2. Desember
1999

[Temanommer: Anglo-Boereoorlog](#)

[J.L. Coetser](#)

Afrikaanse drama en toneel oor die Anglo-Boereoorlog, 1900-1920: aspekte van identiteit

[Frederick Hale](#)

Differentiating the concentration camps in Chris. C. Euvrard's Twee Susters

[Ena Jansen](#)

"Ek ook het besluit om van my bittere lydingskelk te vertel." Het meervoudige (post) koloniale vertoog in autobiografiese vrouwentekste over de Zuid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902)

[Paul Schulten](#)

Het Nederlanderkorps in de Boerenoorlog

[J.C. Steyn](#)

Die wek van belangstelling in die Anglo-Boereoorlog deur Die Huisgenoot onder J.M.H. Viljoen

[Chris van der Merwe](#)

Op soek na goed en kwaad. Twee resente romans oor die Anglo-Boereoorlog.

[Elektroniese weergawes van
T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir
outeurs](#)


Opgedateer 7 Desember 2005 deur Angelique de
Villiers

Kopiereg © 1997 berus by die
redaksie

Temanommer | [J.L. Coetser](#) | [Frederick Hale](#) | [Ena Jansen](#) | [Paul Schulten](#) | [J.C. Steyn](#) | [Chris van der Merwe](#)

Temanommer: Anglo-Boereoorlog

Die herdenking van die Anglo-Boereoorlog of – in die polities korrekte terminologie – die Suid-Afrikaanse Oorlog wat presies honderd jaar gelede uitbreek het, het die redaksie van die Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans daartoe aangespoor om 'n spesiale nommer aan dié onderwerp te wy. Die bedoeling was om die Suid-Afrikaanse Oorlog hoofsaaklik – nie uitsluitend nie – vanuit 'n literêre of kulturele perspektief te bekyk.



'n Belangrike tema waaraan nog maar min ondersoek vanuit 'n moderne perspektief gewy is, is die "literêre" verwerking van die berugte interneringskampe. Dit word in die artikels van J.L. Coetser, Frederick Hale en Ena Jansen gedoen. J.L. Coetser gee in sy artikel 'n wye oorsig oor die drama en toneel van die betrokke tydperk en die aard van die kamptoneel. Sy vernaamste bedoeling is om die voorstelling van (Afrikaner) identiteit in die stukke te ondersoek. Die Noorse navorser, Frederick Hale, vestig die aandag op 'n byna vergete werk, die novelle Twee susters van Chris Euvrard wat gebaseer is op die skryfster se ervarings in twee interneringskampe. Dit was 'n publikasie wat in 1914 die eerste toekening van "De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" ontvang het. Ena Jansen ondersoek in haar bydrae meerdere vrouetekste wat in interneringskampe ontstaan het, maar sy doen dit in die konteks van die huidige debat oor postkolonialisme en die outobiografiese genre om die kompleksiteit van hierdie besondere vrouetekste uit die oorlog te belig.



Die Nederlandse historikus Paul Schulten belig die manier waarop 'n aantal Nederlanders wat die kant van die Boere in die oorlog gekies het, konkreet hulp gebied het, naamlik met die vorming van die sogenaamde Hollanderkorps wat aan die fatale slag op Elandsplaagte deelgeneem het.

In Jaap Steyn se bydrae word die bekende tydskrif Die Huisgenoot ondersoek vanaf die tydperk toe die historikus Markus Viljoen in die dertigerjare redakteur geword en daar onder sy invloed 'n groot aantal artikels verskyn het. Die tekste het onder meer op die heroïek van die Afrikaner tydens die Anglo-Boereoorlog klemgelê en was bedoel om die Afrikaner-nasionalisme te stimuleer.

Een van die merkwaardige verskynsels van die oorlogsherdenking is die manier waarop sommige moderne Afrikaanse skrywers in die afgelope paar jare die Suid-Afrikaanse Oorlog weer her-dink of herskryf het. Die tyd van die ou mitologisering en heroïek is lankal verby. Daar word met die nakennis van alles wat na 1902 op politieke en kulturele gebied gebeur het met nuwe oë na die gruwelike oorlog gekyk. Die gevolg is egter dat ou mites deur nuwes vervang word. Chris van der Merwe gaan in sy bydrae op soek na goed en kwaad en na sondebokke. Hy bespreek in dié lig Christoffel Coetzee se Op soek na Generaal Mannetjies Mentz en Karel Schoeman se Verliesfontein, twee resente romans wat op totaal verskillende maniere oor die

Anglo-Boereoorlog handel.

Wilfred Jonckheere
Gasredakteur

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 2. Desember 1999

[Temanommer](#) | [J.L. Coetser](#) | [Frederick Hale](#) | [Ena Jansen](#) | [Paul Schulten](#) | [J.C. Steyn](#) | [Chris van der Merwe](#)

Afrikaanse drama en toneel oor die Anglo-Boereoorlog, 1900-1920: aspekte van identiteit

- J.L. Coetser -

Abstract

In the article I discuss aspects of identity presented in Afrikaans drama and theatre on the Anglo Boer War until 1920. The discussion latches on to notions of constructionism and primordialism, as proposed by Comaroff and Stern (1995). Constructionism relates to the formation of identity during the war, reflected in plays acted by Boer combatants and by prisoners of war in detention camps such as Diyatalawa, Ragama, Deadwood, Trichinopoly and locally at Greenpoint. Primordialism links to constructionism, being a continuation and expansion of motifs in war plays after the closing of hostilities. Nationalism, and the role of women and defectors (Boer National Scouts, or "hands-uppers", joining the ranks of the enemy) are themes recurring in Afrikaans plays written after the war.

1. Inleiding

Die jare 1899 tot 1902 was in die Suid-Afrikaanse geskiedenis traumaties én verreikend. Nie net was die Anglo-Boereoorlog 'n botsing tussen die Boererepublieke en die British Empire nie; dit was ook 'n botsing tussen Suid-Afrikaners onderling. Daarom was dit 'n smeltkroes waaruit Suid-Afrika en die Afrikaner in verskillende gedaantes te voorskyn sou tree.

Brink (1998: 29) merk tereg op dat ons nie té voorskriftelik kan wees oor die verband tussen 'n historiese situasie en die letterkunde wat daartydens geskryf is nie, maar voeg dan by: "[...] it cannot come as a surprise to anyone that [...] there should have been expectations of new aesthetic responses to the changing circumstances". Alhoewel Brink na die letterkunde van die negentigerjare verwys, is sy stelling wel van toepassing op Afrikaanse dramas wat tussen 1900 en 1920 geskep is. Tewens, reeds in die vyftigerjare het Bartho Smit (1974: 82) in sy opstel "Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek", daarop gewys dat wat ons "die werklikheid noem, [...] streng gesproke 'n kultuur-historiese begrip" is (my kursivering) wat aan verandering en vernuwing onderworpe is. Die wyse waarop herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog in Afrikaanse dramas weerklink, bied daarom 'n aanduiding van die aard en wisseling van die kultuur-historiese persoonlikheid of identiteit van die Afrikaner.

In hierdie bespreking konsentreer ek op Afrikaanse dramas wat tussen 1899 en ongeveer 1920 geskryf of gepubliseer is. Die rede vir die afbakening is dat die tekste hulself deur toonaard en tema as 'n eenvormige groep definieer. Dit is 'n toonaard en tema wat oor die volgende tagtig jaar uiteenlopende vorme aangeneem het. Die doel met die bespreking is gevolglik om aspekte van die voorstelling van identiteit in die Afrikaanse drama en toneel oor die Anglo-Boereoorlog tot 1920 na te gaan en op raakpunte met latere dramas te wys.

Die bespreking sluit by Comaroff en Stern (1995: 5) se gebruik van die begrippe constructionism en primordialism aan. Konstruksionisme hou met die vorming van identiteit tydens die verloop van die oorlog verband en veral met voorstellings in kommando- en kamptonele in oorsese krygsgevangenekampe soos Diyatalawa, Ragama, Deadwood, Trichinopoly of plaaslik in Groenpunt. Primordialisme sluit by konstruksionisme aan, omdat dit 'n doelbewuste voortsetting en uitbouing daarvan is in gepubliseerde dramas deur veral intellektuele na die oorlog. Nasionalisme, die optrede van vroue en die rol en invloed van verraaiers is temas wat by herhaling na die oorlog voorkom.

2. Drama en toneel tot 1902

"Constructionism," verduidelik Comaroff en Stern (1995: 5), "treats collective consciousness [...] as a response to (historically) specific practical circumstances on the part of a given population." Omdat dié reaksie subjektief aan 'n situasie gekoppel word, is dit dikwels moeilik of selfs onmoontlik om dit analities, empiries en objektief weer te gee. Daarom dat die weergawe van konstruksionistiese identiteit in dramas oor die Anglo-Boereoorlog in die eerste plek 'n herinnering áán en 'n getuienis óór 'n situasie op 'n sekere tydstip is. Op grond van hierdie oorweging stem die aard van drama en toneel tydens die oorlog nie in alle opsigte ooreen met die stukke wat daarna verskyn het nie. 'n Vermenging van aard kom ook voor.

Volgens Pretorius (1988: 440 en verder) was die vorming van konstruksionistiese identiteit op kommando eerder 'n voorbeeld van republikeinse nasionalisme as van Afrikanernasionalisme. Republikeinse nasionalisme het vir die burgers en hul geesgenote in die Kaapkolonie die behoud van die onafhanklikheid van een of altwee die Boererepublieke ingehou. 'n Aanduiding van republikeinse nasionalisme kom in die monologiese eksposisie van Horatius (1917) se *Mag is reg* voor.

Daarin spreek oom Fritz Pistorius die gehoor direk aan. Hy roep die oorsake van die oorlog in herinnering, naamlik dat "afgunstige oé" gerig was op die Transvaal se goud en edelgesteentes. Uitlanders het "denkbeeldige klagtes" opgediep wat tot Jameson se inval gelei het (bladsy 5) en tot die Transvaal se ultimatum dat die Britse troepe van hul grense moet onttrek. Toe die troepe nie onttrek nie, was die burgers bereid om vir die behoud van hul republieke te veg. Só stel Hester dit aan die latere verraaiër, Jan (bladsy 15): "Daar is so iets als plig en eer en die man wat nie 'n volksgevoel het nie en sijn broeder in die nood in die steek laat, sijn siel is dood, en sijn hart is eng, en sijn eergevoel is stomp."

Die maatskaplik-ekonomiese agtergrond van die meeste Afrikaners in die Boererepublieke voor die oorlog het toneelbedrywighede onwaarskynlik of uitsonderlik gemaak. Afrikaanssprekende boere het hoofsaaklik 'n niegeïndustrialiseerde bestaanseconomie gevoer (vergelyk Warwick 1983: 6-10) waarin daar nie werklik sprake was van georganiseerde toneelbedrywighede nie. Volkome kultuurloos was hulle egter nie, soos die bestaan van vooroorlogse debatsverenigings op die platteland getuig (Oosthuizen 1975: 235-236). Hierdie debatsverenigings het later aan ondernemende individue wat in in transitio-kampe gewag het om na buitelandse krygsgevangenekampe afgevoer te word, op kommando, of onderweg na ballingskap die geleentheid gebied om spontaan of op georganiseerde wyse met toneel besig te wees. Vir baie persone was dit 'n eerste

kennismaking.

2.1 Eerste kennismakings

In Maart 1900 skryf Hugo van Niekerk in sy dagboek (Roodt-Coetzee 1941: 15) in die Groenpunt-transitokamp oor Jan du Plessis en Hans Human wat omstanders saans vermaak met hul voorstelling van hoe 'n hond, "gespeel" deur Jan du Plessis, probeer om 'n "meerkat", Hans Human, uit sy gat te verdryf:

Hy had't kunst om te kunnen blaffen net zoos een brak. 'Savonds speelt hy en Hans Human mierkat en brak. H. is de mierkat die in't gat zit en Jan is de hond die hem er uithalen moet. Somtyds bevliegt de mierkat hem en dan is het wonderlijk hoe natuurlijk hy als een hond tjanken. Gewoonlijk is een groote schare mensen om ons tent als die twee met hun komedie beginnen.

Uit die dagboekinskrywing is dit duidelik dat die "opvoering" die gevolg was van ledigheid wat krygsgevangenes ervaar het en die begeerte van die "akteurs" om die nuuskierige omstanders, of "gehoor", te vermaak.

Volgens Fransjohan Pretorius (1988: 156) is toneelopvoerings aangebied selfs terwyl die burgers op kommando was. Die program het sang, voordragte en eenbedrywe ingesluit wat vir die geleentheid geskryf is. Hy verwys na twee spesifieke geleenthede:

In September 1901 is 'n uiters geslaagde eenbedryf oor 'n hensopperfamilie met Ben Viljoen as een van die akteurs in Pelgrimsrust opgevoer. Op Nuwejaarsdag in 1902 het die Heidelbergers by die Steenkampsberge 'n eenbedryf ten gehore gebring waarin Sekhukhune van die Pedi ná die oorlog – en nadat die Britte die land verlaat het – by Louis Botha kom vrede vra. 'n Woordewisseling ontstaan, Sekhukhune word doodgeskiet "en alles was over".

Uit die beskrywing blyk dat toneel op kommando aangesluit het by dramas wat in die krygsgevangenekampe opgevoer is, en by die tekste wat na die oorlog gepubliseer is. Dié aansluiting geld ten opsigte van die rol wat hensoppers in die werklikheid gespeel het om die posisie van kommando's aan die vyand te verraaai, die feit dat geleentheidsfeeste soos Nuwejaar of die verjaardae van die presidente dikwels ook kultuurgeleenthede was, en dat die stukke – ook dié wat na die oorlog gepubliseer is – meestal op 'n positiewe noot eindig. Dat die posisie van hierdie eenbedrywe in die Afrikaanse dramasteem soos dit op daardie tydstip uitgesien het, in die rigting van agitprop (agitasie-en-propaganda) geneig het, kan as 'n waarskynlikheid aanvaar word.

'n Derde, maar uitsonderlike, vorm van kennismaking met "konserte" of "entertainments" (Binge 1969: 26-28), dit wil sê met toneel in die breedste sin, was tydens seereise na krygsgevangenekampe buite Suid-Afrika. Oosthuizen (1975: 115) verwys na "enkele gevalle [waarin] daar deur die skeepskapteins [in samewerking met die bootbemanning] iets besonder" gereël is. Vir krygsgevangenes was hul bestaan aan boord ellendig en dit is dus te verstane dat die konserte groot byval gevind en tot die latere sukses van kamptoneel moes bygedra het.

Voor die oorlog moes 'n klein groepie krygsgevangenes met formele toneelopvoerings in groter dorpe of stede kennisgemaak het. Aangesien die swaartepunt van alle toneel tot voor die oorlog in die Kaapkolonie was, moes dié groepie ook Kaapse rebelle ingesluit het. Eers teen 1890 het noemenswaardige toneel 'n verskyning in Pretoria gemaak, en is dit van die begin af deur Nederlandse invloed oorheers (Bosman 1980: 483). So is die rederykerskamer Wilhelmina in 1890 gestig, en was 'n groot aantal persone wat in Pretoria by die toneel betrokke was, van Nederlandse afkoms.

In die krygsgevangenekampe self blyk Nederlandse invloed op drama en toneel uit die vermelding van name wat Nederlandse afkoms verraa. In Deadwood, byvoorbeeld, het J.F. Houtzager in Oktober 1900 die sosiale vereniging Tot nut en vermaak gestig en was hy self 'n ywerige dramaturg. Vergelyk die getal Nederlandse name op die volgende program (Roodt-Coetzee 1941: 15):

1. Mannekoor:	a. De Hemelen roem de Grootheid des Heeren.
	b. Serenaal.

2.	Symfonie van Danela voor 2 violen en piano.
	(Raw, Sausenthaler, Dijkman.)

3.	"Zware Strijd"
	Toneelspel in èen bedryf van J.F. Houtzager.

Personen	
Speculant, Mnr. Wiriam Smith	J.R. Taylor.
Dick, zijn zoon	Jac. Stom
Mr. Sam Block, kapitalist	J. Teengs.
James, zijn zoon	A. Smorenburg.
Oom Gert van Wijk, Comdt van	
Boere Kommando	A.W. Borchers.
Stephanus, zijn zoon	J.F. Houtzager.
Jan Breitenbach }	F.J. Mathey.
Frikkie Verkuijl }	jonge burgers L. Tröger.
Charlie Davis }	S. Zwarenstein.
Een Waiter	M. Elzas.

Een dienstman	J. Besseling.
Een courantjongen	
Burgers	
(Het stuk speelt te Johannesburg in het begin van Oktober 1899).	

Na die pouse het daar weer 'n aantal musikale items gevolg en dan nog 'n eenbedryf deur Houtzager, naamlik De Barbiersjongen. Die spelers en karakters was:

De barbier.....	S. v.d. Kwast.
De barbiersjongen.....	C. Staas.
Moeder Salie.....	C. van Hertzberg.
Lize.....	L. Ruysenaers.
Een Boer.....	J. Besseling.
Een Heer.....	C. Taylor.
Vier besoekers.	

Rolle waarmee regisseurs 'n probleem ondervind het, was die vroulike karakters. Soos vir die rol van Lize in De Barbiersjongen (kyk die program bo), is L.C. Ruysenaers in Deadwood gekies om die meisiesrolle te speel. Roodt-Coetzee (1941: 15) beskryf sy voorkoms en die reaksie wat "sy" verskyning ontlok het, soos volg:

Mnr. Ruysenaers, van Hollandse afkoms, was in 1900 ongeveer twintig jaar oud en het 'n blonde, rosige gelaatskleur gehad. As hy dan in sy jongmeisie-kostuum en 'n pruik van lang vaal hare op die verhoog stap, het die saal gedawer van uitroepe.

2.2 Kamptoneel in ballingskap

Kamptoneel was deel van die reaksie van krygsgevangenes op 'n besondere situasie, waarvan een van die grootste kenmerke ledigheid was. Leiers onder die gevangenes het spoedig besef dat ledigheid die duiwel se oorkussing is, met die gevolg dat hulle oorgegaan het tot die herorganisasie van die kampelewe met die doel om gevangenes se ledige ure met bedrywighede te vul. Naas sportbedrywighede (Van der Merwe 1995) het kultuur, dus ook toneel, aandag ontvang.

Soos voor die oorlog was toneelopvoerings deel van die bedrywighede van debatsverenigings of kultuurverenigings waarvan die bedrywighede toegespits was op musiek en die toneelkuns. Reeds in die afvoerkamp te Groenpunt het die groep, Christy Minstrel Entertainment, met 'n reeks konserte begin. Toneelopvoerings het

egter nie in alle kampe plaasgevind en was nie oral ewe gewild nie.

Van die ouer garde kon nie begryp hoe dit moontlik is om konsert te hou terwyl 'n oorlog in die vaderland woed nie. 'n Ander uiterste was gevangenes wat hulle van hul omgewing afgesluit en oordrewe godsdienstig geword of aan 'n vorm van geestesiekte begin ly het (Oosthuizen 1975, hoofstuk 5, "Sielkundige en sosiale aspekte van gevangenskap"). Oor die algemeen was daar nie 'n gebrek aan bekwame leiding op kulturele gebied nie, en het 'n "hoë persentasie Boere met 'n beperkte opvoedkundige agtergrond [...] mildelik hiervan gebruik gemaak" (Van der Merwe 1995: 88). Dit het meegebring dat, terwyl feitlik alle kultuuraktiwiteite in die Boererepublieke tot stilstand gekom het, daar 'n opbloeit buite Suid-Afrika was.

Opvoeringruimtes, of "verhoë", is mettertyd in debatsale of ander geboue opgerig. In Deadwood het lede van die vereniging Tot Nut en Vermaak 'n vierkantige "ouditorium" van vyftig voet by vyftig voet en twintig voet hoog gebou. "Voor in die gebou was 'n ruim verhoog en aan die ander kant 'n buffet om verversings te verskaf. Daar was ook leestafels vir gebruik van die lede gedurende die dag" (Oosthuizen 1975: 241). Van der Merwe (1995: 49) verduidelik dat die krygsgevangenes in Diyatalawa 'n ontspanningsaal opgerig het wat vir toneelopvoerings en bokstoernooie gebruik is: "Die gebou het 'n ysterraamwerk gehad en die mure was van [riete en] gevlepte palmblare. Op die grondvloer was 'n verhoog vir toneel en ander opvoerings en later is klein gedeeltes [vir boksafrigting] afgeskort".

Op die verhoë is onder andere van geskilderde doeke gebruik gemaak. Roodt-Coetzee (1941: 35) wys daarop dat die dekorskilder in Diyatalawa 'n Bantjies was wat vir die verhoog 'n voorstelling van die Slag van Magersfontein geskilder het. Dat dit 'n voorstelling van die Slag van Magersfontein was, is, in die lig daarvan dat die Boere 'n oorwinning behaal het, 'n aanduiding van die krygsgevangenes se hoop op oorwinning oor die Britte. Ongetwyfeld het dieselfde sentiment in die toneelopvoerings op die verhoë weerklank. Laasgenoemde is aangevul deur stukke wat feitlik uitsluitlik op vermaak ingestel was.

Die getal aanbiedings het van kamp tot kamp gewissel, en is onder andere deur ligging en klimaat (sommige kampe was in die trope geleë), die aard van die terrein (Bermuda is baie rotsagtig) of die getal gevangenes bepaal. In Deadwood was daar 'n groot groep uitlanders, wat, volgens Roodt-Coetzee (1941: 15), "min ondersteuning aan godsdienstige aktiwiteite gegee het, maar veel aandag [...] aan vermaaklikhede soos die toneel". Die gevolg was dat Deadwood bo ander kampe op toneelgebied uitblink het.

Die kampdramaturg, wat dus die meeste stukke geskryf het, was J.F. Houtzager. Hy was 'n Nederlander afkomstig van Johannesburg. Van sy klugtige stukke sluit De dochter van den Tamboer-majoor, Het Schaakprobleem en De barbiersjongen in. Ernstige stukke uit sy pen, is die eenbedryf Zware strijd en die langer toneel Vaderlandsliefde.

Zware strijd speel, volgens die programaantekeninge hierbo aangehaal, aan die begin van Oktober 1899 in Johannesburg af, met ander woorde aan die begin van die oorlog. Daarin trek die dramaturg ooreenkomste tussen die ekonomiese lyding van Afrikaners voor die oorlog (vergelyk Hofmeyer 1980) en die lyding wat die oorlog sou meebring. Hierdie tema van ekonomiese lyding is na die oorlog voortgesit in Harm Oost (1907) se drama Ou' Daniel, waarin daar soos in Zware

strijd, ook 'n Engelse spekulant (Billy Black) en sy maat (Johnnie) voorkom.

Vaderlandsliefde stel die vertrek van twee artilleriste aan die begin van die oorlog voor (vergelyk Roodt-Coetzee 1941: 15). Die bejaarde boer gee vir oulaas raad en die dogter troos haar moeder. Aan die einde van die stuk dikteer een van die sterwende artilleriste aan 'n medeburger sy laaste brief. Ook hierdie drama volg die patroon van dramas wat na die oorlog geskryf sou word. 'n Voorbeeld is Melt Brink (1961) se na-oorlogse Die verlore seun, waarin veldkornet Jan Jacobs vir oom Gideon van Zyl en sy twee seuns vir krygsdiens oproep. Soos in die latere dramas beklemtoon die titel liefde vir die vaderland.

Dit is opvallend dat verskeie opvoerings van S.J. du Toit (s.j.) se drama Magrieta Prinsloo (oorspronklik Magrita Prinslo) in Diyatalawa aangebied is. Hierdie drama is vir die eerste keer in Januarie 1897 in die Paarl tydens die Afrikaanse Taalkongres opgevoer en is ook in dieselfde jaar vir die eerste keer gepubliseer. Benewens dat die opvoerings van Magrieta Prinsloo 'n voortsetting van die vooroorlogse toneelsituasie was, het die inhoud aangesluit by krygsgevangenes se kampomstandighede. Die teks is 'n liefdesgeskiedenis teen die agtergrond van die Groot Trek. Gevolglik doen dit 'n beroep op die gehoor se gevoel van nasionalisme, maar bied terselfdertyd 'n vorm van romantiese ontvlugting.

Daarmee sluit dié drama in twee opsigte aan by dramas wat na die oorlog gepubliseer is. Soos Magrieta bereid was om vir haar Pieter te wag, is Hester in Horatius (1917) se Mag is reg gewillig om vir Jan Schutter te wag, mits hy sy plig nakom om vir vryheid te veg. Die historiese agtergrond van die Groot Trek is, tweedens, veral na die oorlog deur Afrikaner-ideoloë vir die konstruksie van volksnasionalisme gebruik (vergelyk Hofmeyr 1993). Vergelyk in hierdie verband die wyse waarop Fanie en Hester in Mag is reg (Horatius 1917: 13) die idee van 'n volksmoeder (vergelyk Brink 1990) betrek:

Fanie: [...] Die Voortrekkersvrou leef nog. [...] mij bors swel van trots als ik denk aan die heldinne wat die klein Afrikaner volkie opgelewer het. Hester: En die heldinne was die moeders van die helde waarop die Afrikaner vrou so trots is, waardige seuns van waardige moeders. [...]

In kampe is veel gemaak van feesdae, soos Nuwejaar, die verjaardae van die Boerepresident, of Wilhelminadag. Omdat Ragama gebruik is vir die aanhouding van Nederlanders en ander uitlanders, is laasgenoemde hier gevier. Die program van 31 Augustus 1901 het 'n "reeks klugtige voordragte en toneelstukkies" ingesluit (Brink 1940: 176). Daar kan aangeneem word dat die toneelstukkies in gees baie Nederlands was, maar terselfdertyd getuig het van die noue verbintenis wat die inwoners van Ragama ervaar het tussen die kulturele identeite van Boer en Nederlander.

Dit is dus moontlik om, samevattend, te beweer dat kamptoneel die gevolg was van ledigheid en gevangenes se beperkte kennismaking met toneel voor die oorlog en onderweg na ballingskap. Ten opsigte van hierdie kennismaking het Nederlandse invloed 'n bepaalde rol gespeel. As 'n reaksie op hul situasie het veral twee temas as vorme van konstruksionistiese identiteit in Boerekrygsgevangenes se werk na vore begin tree, naamlik die optrede van verraaiers of National Scouts in kommandotoneel, en republikeinse nasionalisme in kamptoneel. 'n Derde tema sou na die oorlog duideliker na vore kom, naamlik die rol van die vrou as volksmoeder.

Republikeinse nasionalisme as 'n vorm van kulturele identiteit in kamptoneel was 'n reaksie op die Britse besetting van die Boererepublieke. Uit dramas wat na die oorlog gepubliseer is, blyk dit egter dat die ervaring van die oorlog 'n direkte sneller was vir die opkoms van volksnasionalisme, en dat die intellektuele daarin 'n belangrike rol gespeel het.

3. Drama en toneel na die oorlog

In die tyd net na die oorlog, dit wil sê tussen 1902 en ongeveer 1906, het toneel baie stadig op dreef gekom. In Kaapstad, byvoorbeeld, het die rederykerskamer Aurora teen 1887 doodgeloop en eers weer in 1909 met opvoerings begin. As verklaring vir hierdie stilte voer Bosman (1980: 476) aan: "Dit was nog die tyd van die Anglo-Boereoorlog (tot 1902) en eerste tyd daarna".

In Pretoria is net na die oorlog die patroon van voor die oorlog hervat, om veral vertaalde stukke, nou veral uit Duits, op te voer. Die rederykerskamer Onze Taal wat uit die vooroorlogse Nederlandse kamer Wilhelmina gegroei het, het byvoorbeeld in 1904 die drama *Nerveus* deur C. von Moser en O. Girndt opgevoer (Bosman 1980: 484). Daarom is dit opvallend dat nie Bosman (1980) óf Binge (1969) die naam van 'n kampdramaturg vermeld wat na die oorlog voortgegaan het om aktief by drama of toneel betrokke te wees nie. 'n Uitsondering skyn P.H.C. Pohl te wees, wat na die oorlog as prokureursklerk in Pretoria werksaam was en later 'n bevorderaar van toneel in die omgewing van Graaff Reinet geword het. Tydens die oorlog was Pohl lid van die toneelkomitee in Trichinopoly (Roodt-Coetzee 1941: 15).

In plaas van 'n vorm van konstruksionistiese kulturele identiteit as 'n reaksie op 'n situasie, word die jare na 1902 in die Afrikaanse toneelgeskiedenis gevolglik deur 'n vorm van primordiale identiteit gekenmerk. "Primordialism," skryf Comaroff en Stern (1995: 5),

[...] is founded on three broad axioms: that people who share a culture also share an intrinsic awareness of their collective being-in-the-world – i.e., an identity; that the "traditional" loyalties vested in this identity give rise to very strong common sentiments; that such sentiments are the irreducible bedrock on which group [...] interests and claims tend to be based.

As gevolg van die rol wat intellektuele soos Gustav Preller, C.J. Langenhoven, J.H.H. de Waal of J.H. Malan daarin gespeel het om Afrikaners bewus te maak van die inhoud van wat Comaroff en Stern primordiale identiteit sou noem, is die breuk met die voorafgaande periode opvallend.

Aanvanklik wou persone niks met Preller te make hê nie. Hofmeyr (1993: 105) verduidelik dié agtergrond soos volg:

The Afrikaans grouping had tried to give themselves an independent identity by congregating together in the north in the Afrikaanse Taalgenootskap [...], set up in 1905. [...] The response in the north was disastrous as nobody wanted to touch an organisation dominated by Preller, an upstart clerk of dubious peasant background and his

rather peculiar outré friend, Marais.

Hierdie aanvanklike afwysing van Preller bied 'n aanduiding van die verdelings wat reeds van voor die Anglo-Boereoorlog onder Afrikaners voorgekom het en tot 'n hoë mate deur sosio-ekonomiese oorwegings gemotiveer is. Daarby sluit aan dat die periode na die oorlog die grootskaalse en feitlik ongekontroleerde uitbreiding van kapitalisme, industrialisasie en mynbou gesien het (Hofmeyer 1980). Dit het aanleiding gegee tot 'n spesifiek Afrikaanse werkersklas en niegekanoniseerde werkersletterkunde wat, ten opsigte van die drama (Coetser 1999), 'n ander tipe identiteit weerspieël het as die stroom waarvan Preller deel was.

3.1 Kontinuiteit en verandering

Alhoewel nie werkersletterkunde nie, bied Harm Oost se Ou' Daniel 'n aanduiding van die invloed van kapitalisme op hoofstroomdramas ná die Anglo-Boereoorlog, en van die temas wat in latere dramas as heenwysers na 'n Afrikanernasionale identiteit sou dien.

Ou' Daniel is op 9 Maart 1907 deur die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging in Pretoria opgevoer. In die voorwoord doen Preller 'n oproep dat die toneelpubliek op die voorstelling van 'n "Afrikaans nasionale beskawing" in dramas sal aandring (Oost 1907: 3-4):

Ons toneel-publiek is wat 'n uitheemse, konvensioneel romanties-retoriese melodrama en 'n derde-klas klugt-spel daarvan gemaak het. Dis nie ons skuld nie maar ons ongeluk. Van buite kan ons g'n verandering verwag nie, dit moet uit ons self kom; en dit sal ook kom: met die bewustsijn van 'n eige Afrikaans nasionale beskawing. [...] Want die dramatiese kunst het dít bôkant álle andere kunste, dat dit die nauwste verband hou met die héle volk.

In die drama is Billy Black 'n verengelsde Afrikaner-spekulant, maar sy regte naam is Willem Swart. Met sy maat Johnnie probeer hy om Daniel uit sy grond te swendel. Daniel kry as 'n nagevolg van die oorlog swaar, maar as hy sy grond verkoop, sal hy 'n aantal dinge kan koop: 'n perd vir sy seun Hans, 'n tabberd vir sy vrou Martha, en hy sal die kanker aan sy lip kan behandel. Net voor hy teken, kom sy bure (Gert en Johanna) tussenbeide en verhoed dat hy sy eie ondergang bewerkstellig. Die teks self dui aan dat kapitalisme ter sprake is (Oost 1907: 36): "[...] die groot maatskappij druk ons álmal uit, als ons nie mooi oppas nie".

Ou' Daniel sluit veral ten opsigte van twee temas by kommando- en kamptoneel aan, en by 'n aantal tekste wat daarna gepubliseer sou word.

Die tema van die verraaier/hensopper of National Scout word, eerstens, herhaal in die gedaante van die "boere-verneuker". Gert sê aan Johnnie (bladsy 10):

Dis die verderf ver 'n Boer... 'n Rukkie gelë krij ik ons ou' maat Piet Oosthuis, wat nou ook daar is, en als 'n hot-not ver die goud-jode werk. Hij gaat ronds als boere-verneuker, en perbeer die grond uit ons mense hul hande te draai...

Op bladsy 13 ontken Johnnie: "Ik was nog nooit 'n verraaier van mij nasie nie".

Belangrik is dit dat die dramaturg die "goud-jode" emosioneel op dieselfde vlak plaas as die vyand tydens die Anglo-Boereoorlog, deur Johnnie, juis as gevolg van sy ontkenning, as 'n verraaier te etiketteer. Daardeur word twee groepe geskep: die Boere-nasie, waarvan die betekenis van die woord 'n volksnasionale inhoud weerspieël, en die "goud-jode" tesame met hul meelopers.

Die Boerenasie se "intrinsic awareness of their collective being-in-the-world" (Comaroff & Stern 1995: 5) word, tweedens, in die drama saamgetrek in die gebruik van die woord "Afrikaner". Beide Billy en Gert beroep hulle op die eenheid van Afrikanerskap, maar om verskillende redes. Billy noem homself 'n Afrikaner, maar probeer terselfdertyd om Daniel te verkul; Gert ontmasker Billy se oneerlikheid, maar moet dan toegee (Oost 1907: 43): "Dis daarom droewig... Afrikaner teen Afrikaner. Die grootste vijande van ons nasie is onself."

Nog 'n opvallende toepassing van Afrikanerskap in die drama is die voorstelling van Daniel se tweede vrou, Martha. Die toepassing is opvallend as gevolg van die teenstelling tussen haar optrede en dié van haar buurvrou, Johanna van der Horst. Martha dring daarop aan dat Daniel die grond verkoop, maar word later deur Johanna tot ander insigte gebring. Daardeur sluit Johanna se voorstelling aan by die interpretasie wat Brink (1990: 280) van die begrip volksmoeder gee (my kursivering):

This involved the emulation of characteristics such as a sense of religion, bravery, a love of freedom, the spirit of sacrifice, self-reliance, housewifeliness [...], nurturance of talents, integrity and the setting of an example to others.

Die tema van verraad, die volksmoeder en volksnasionisme tree dus spoedig in dramas na die Anglo-Boereoorlog na vore. Hierdie temas sou in latere tekste nog duideliker na vore tree en daardeur die getuienis word van 'n veranderende kultuur-historiese identiteit (Smit 1974: 82, soos aangehaal).

3.2 Verraad

Die tema van verraad kom gereeld in dramas na die Anglo-Boereoorlog voor. 'n Voorbeeld is Melt Brink (1961) se Die verlore seun: een uit die vele voorvalle in die Tweede Vryheidsoorlog, wat in 1916 vir die eerste keer verskyn het onder die titel Die National Scout of Die verloren zoon.

Die verraaier is Karel van Zyl. Sy moeder, Martha, verneem in die tweede bedryf dat hy 'n National Scout geword het, maar aan die einde van dieselfde bedryf ontmoet hulle mekaar van aangesig tot aangesig as Karel die vyand na sy ouerhuis lei (wat dan afgebrand word). Dit is 'n bitter ontmoeting waarin sy hom totaal verwerp. Na die oorlog ly nie net Karel nie, maar ook sy familie, omdat die gemeenskap die familie verwerp. As gevolg van Annie en Lenie se tussenkoms word hy in die slot met sy ouers versoen, maar sterf melodramaties nadat hy hul vergifnis ontvang het.

In die teks word Karel eensydig vanuit die perspektief van die Afrikaner voorgestel. Reeds voor die oorlog was sy "oortreding" dat hy uit die Afrikanerkring, dit wil sê die volkskring, getree het. In die eksposisie word hy veroordeel vir die Engelse koerante wat hy lees en omdat hy op skool aan Engelse vriende voorkeur gee het. Deur hierdie voorstelling gee die dramaturg 'n

aanduiding dat Afrikaners nie 'n eendragtige, monolitiese blok vorm nie, en veroordeel hy indirek hierdie stand van sake deur Karel op die einde tot "inkeer" te laat kom.

In die dekades na die eerste publikasie van *Die verlore seun*, sou die voorstelling van die verraaier, óók as 'n aanduiding van 'n wisselende kultuur-historiese identiteit, omkeer. Aan die einde van die tweede bedryf spreek Karel se moeder 'n stroom invektiewe oor hom uit (Brink 1961: 38):

Monster! ... slang! ... gaan weg voor my oë, ellendeling! Lae verraaier! ... (Hartstogtelik tot die offisier). Laat hom loop, jaag hom uit die huis uit. Meneer! ... Hy is my eie seun! ... Die duiwel het sy eie bloed verraaier! Ek wil hom nie langer sien nie! Ek vervloek hom!

In N.P. van Wyk Louw se *Die pluimsaad* waai ver wat vyftig jaar later opgevoer is, laat president Steyn hom egter sagter oor 'n verraaier uit voordat hy sy doodvonnis bekragtig (Louw 1981: 78): "Hoe sal ek 'n man kan laat straf omdat hy net vroeër as ons bestes aan oorgee gedink het?" In Deon Opperman se *Donkerland*, wat weer dertig jaar na *Die pluimsaad* waai ver vir die eerste keer opgevoer word, is die beeld van die joiner nog kompleks as in die vorige twee tekste. Dit is die gevolg van die stel van uiteenlopende gesigspunte deur alle betrokkenes by die situasie: Anna, die vyand (John Walsh) en niewittes (Bongani teenoor Matyana). Die gehoor verneem dus nie 'n standpunt vanuit een perspektief nie. Ook maak Anna nie van dieselfde invektiewe as Martha van Zyl in *Die verlore seun* gebruik nie, maar neem 'n teenoorstaande standpunt in deur die summiere skiet van 'n verraaier as moord te bestempel (Opperman 1996: 72).

3.3 Die volksmoeder

Die wyse waarop Afrikaanse vroue in dramas oor die Anglo-Boereoorlog voorgestel word, stem met Brink (1990: 281) se opsomming van die volksmoeder ooreen: "Afrikaner women had a purifying and ennobling influence on their menfolk; they would sacrifice much for their families and were loyal housewives and tender nurses, earnest in prayer, sage in advice, with a great love of freedom and steadfastly anti-British [...]". Die meeste van hierdie kenmerke tree na vore in die voorstelling van konsentrasiekamptonele in die betrokke dramas.

In Horatius (1917) se *Mag is reg* word Sannie, Lenie, Hester en die bejaarde oom Fritz na 'n konsentrasiekamp weggevoer en die plaaswerf vernietig. Hester se voormalige vriend, Jan Schutter, is as die kampkonstabel aangestel en ander hensoppers as kommissaris en superintendent. Ella, dogtertjie van David en Sannie van der Merwe, sterf in die kamp.

Daar word in die teks besonder baie klem op goedkeuring deur die vrou vir mans se optrede gelê. Oom Fritz reageer soos volg op Fanie se patriotiese woorde (Horatius 1917: 8): "[...] ik weet hoe jouw liewe moeder met die hartstogtelike liefde van die tiepiese Vrijstaatse vrou vir vrijheid en reg, haar met bewing daarvoor sal verheug het"; op bladsy 13 sê Fanie aan Hester: "[...] in die donkerste oomblikke sal die man naar die vrouw sien vir aanmoediging" (oorspronklike kursivering); en op bladsy 26 verklaar Lenie: "Ik lê mij beste en mij liefste op die altaar vir land en volk".

Daarteenoor staan die vroue se skerp minagting vir die Engelse en verraaiers.

Voordat die opstal afgebrand word, sê Lenie aan die Engelse kaptein Jones (bladsy 41): "[...] geen Vrijstaatse dogter sal haar ooit so verlaag nie om in die teenwoordigheid van 'n vijand één traan te stort nie [...]". Haar minagting vir die verraaier Jan Schutter blyk nog duideliker, in die konsentrasiekamptoneel, uit die volgende spreekbeurt (bladsy 49):

Een konstawel! Dit noem jij jou – 'n boer konstawel! Van al die veragtelike dinge is dit die mees veragtelike ding; en van 'n boer konstawel met 'n kakiepakkie wil ik geen weldaad ontvang nie, al moet ik liever sterwe.

Die voorstelling van die lot van vroue, kinders en bejaardes in konsentrasiekampe was, as gevolg van die nabyheid van die gebeurtenis, bedoel om by die gehoor positiewe en negatiewe gevoelens te wek. Negatiewe gevoelens is gewek deur die voorstelling van die lyding wat die vyand en verraaiers teweeggebring het, en positiewe gevoelens deur die voorstelling van dapperheid, patriotisme en huislikheid (vergelyk Brink 1990: 281, soos aangehaal). Daardeur het 'n ideologiese stoot-en-trek-aksie ontstaan wat daartoe gelei het dat die voorstelling van republikeinse nasionalisme in kommando- en kamptoneel ná die oorlog gegroei het tot 'n volksnasionisme, en uiteindelik tot 'n spesifieke Afrikanernasionalisme.

Die interpretasie van die tema van die volksmoeder, is, soos die tema van die verraaier, ook in latere Afrikaanse dramas omgekeer. Daarvan is Reza de Wet (1991) se Nag, Generaal 'n voorbeeld. Magda is met die swaargewonde Generaal getroud, maar by haar is daar min sprake daarvan dat sy soos 'n volksmoeder 'n "purifying and ennobling influence" op hom het of 'n lojale huisvrou en sorgsame versorger (Brink 1990: 281) is. Sy neem hom skerp kwalik dat hy hul asmatiese seun oorlog toe gedwing het, waar hy nie soos 'n volksheld gesterf het nie, maar aan versmoring. Daarby word die Generaal nie as die sterk leier en held voorgestel nie: hy kwyl en moet soos 'n baba gevoer word.

3.4 Volksnasionisme

As 'n vorm van primordiale identiteit vereis volksnasionisme van die individu lojaliteit aan 'n kultuurgroep. Primordialisme vorm, omgekeerd, ook die basis vir eise deur die groep aan die individu. Laasgenoemde neem in die betrokke tekste die vorm van die temas plig en eer.

In Harm Oost se Ou' Daniel beroep die swendelaar Billy Black hom op sy Afrikanerskap om Daniel oor te haal om sy grond aan hom te verkoop, maar wanneer sy ware motiewe aan die lig kom, merk Gert op (Oost 1907: 43): "Dis daarom droewig... Afrikaner teen Afrikaner. Die grootste vijande van ons nasie is onszelf." As "boere-verneuker", dit wil sê as verraaier, vertoon Billy nie lojaliteit aan die groep nie, kom hy in wese nie sy plig as Afrikaner na nie.

Die verband tussen Afrikanerskap en plig, blyk onder andere uit Fanie se woorde aan Hester in Mag is reg (Horatius 1917: 28): "[...] plig roep mij en ik weet vader en Hester sal die laaste persone in die wêreld wees om in mij weg te staan. Die Afrikaner het dit in die land al van die begin geleer om sij offers te bring vir vrijheid en vir reg". Op bladsy 32 gee hy egter toe dat hy nie altyd seker is waarheen plig lei nie: "Maar als die weg van plig mij duidelik word sal ik dit volg, lewe of dood".

In latere Afrikaanse dramas waarin die Anglo-Boereoorlog 'n rol speel, is egter nie al die karakters bereid om die "weg van plig [kom] lewe of dood" te volg nie.

In die slot van N.P. van Wyk Louw (1981: 82) se *Die pluimsaad* waai ver beskou Steyn dit wel as sy plig, sy "dure eed", om nie die "vrede [te] onderteken wat die onafhanklikheid van die Vrystaat weggee nie". Die rede vir Steyn se weiering was dat hy die ontstaan van die onafhanklike republiek, wat in 1961 sou plaasvind, in die vooruitsig gestel het. Met die totstandkoming van 'n onafhanklike republiek sou die Afrikaner sy politieke identiteit verwesenlik en daardeur die gevolge van die Anglo-Boereoorlog, naamlik die verlies van die twee Boererepublieke, omkeer.

In André P. Brink (1997) se *Die jogger distansieer Ilse* haar egter van die Anglo-Boereoorlog en, per implikasie, van die plig wat die idee van die Afrikaner-as-groep haar oplecirc; "Dis lankal verby, Pa," sê sy op bladsy 16, en, nog sterker, op bladsy 79: "Alles wat Pa ooit liefgehad het – Pa se God, Pa se volk, die grond, alles – ek spoeë daarop".

4. Samevatting

Comaroff en Stern (1995: 5) wys tereg daarop dat ekstreme vorme van primordialisisme in ons tyd onaanvaarbaar is. In die plek daarvan stel hulle 'n "[...] hybrid that tempers primordialism with a careful measure of constructionism" (bladsy 5). Soos Stalinisme, Fascisme en Nazisme, was die apartheidsideologie 'n ekstreme vorm van primordialisisme. Dié rigtings het vanaf die twintigerjare opmerklik ontwikkel en literêr-dramaties tot "[...] new aesthetic responses to [...] changing circumstances" (Brink 1998: 29) geleë. Ten opsigte van die Afrikaanse drama het aspekte van identiteit die afgelope eeu selfs 'n ommekeer gemaak. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons Ilse se woorde in die vorige aanhaling moet lees.

Omdat dramas dikwels 'n weerspieëling is van die werklikheid waarop hulle gebaseer is, bied hulle veranderende kontekste 'n sleutel vir die verklaring van hulle veranderende "werklikheidsbeeld" en "kultuur-historiese" identiteit (Smit 1974: 82). In Afrikaanse dramas oor die Anglo-Boereoorlog wat tot 1920 geskep is, het daardie identiteit tydens die oorlog met republikeinse nasionalisme verband gehou. Dié toneel het na die oorlog verdwyn, maar die temas wat daarmee saamgegaan het, is deur intellektuele en ideoloë in die Afrikanergemeenskap oorgeneem en uitgebou. Hierdie uitbouing was nie net 'n reaksie op Britse sosiale en ekonomiese imperialisme na die oorlog nie, maar ook die gevolg van voortgesette Nederlandse en Duitse beïnvloeding. Laasgenoemde blyk in die Noorde, dit wil sê Pretoria, onder andere uit die bedrywighede van die rederykerskamers Wilhelmina en later Onze Taal.

Geplaas teen die perspektief wat die einde van die twintigste eeu bied, word die tekste oor die Anglo-Boereoorlog ook deur hulle stiltes gekenmerk. Oor die groeiende armlankdom, wandade wat Afrikaners tydens die oorlog gepleeg het, dat op kommando ongedisiplineerdes en lafhartiges voorgekom het, die rol wat swartmense in die oorlog gespeel het, of dat die stryd van die Boerevolk nie noodwendig op goddelike sanksie aanspraak kon maak nie, laat dié dramas nie veel blyk nie.

Universiteit van Suid-Afrika

Bibliografie

- Binge, L.W.B. 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel (1832-1950)*. Pretoria: Van Schaik.
- Bosman, F.C.L. 1980. *Drama en toneel in Suid-Afrika, Deel II: 1856-1912*. Pretoria: Van Schaik.
- Brink, André. 1998. *Stories of History: Reimagining the Past in Post-apartheid Narrative*. In: Nuttall, Sarah & Coetzee, Carli (eds) *Negotiating the Past: The Making of Memory in South Africa*. Cape Town: Oxford University Press, pp. 29-42.
- Brink, André P. 1997. *Die jogger: 'n drama in twee bedrywe*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, Elsabé. 1990. *Man-made Women: Gender, Class and the Ideology of the Volksmoeder*. In: Walker, Cheryl (ed.) *Women and Gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town: David Philip, pp. 273-292.
- Brink, J.N. 1940. *Oorlog en ballingskap*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Brink, Melt. 1961. *Die verlore seun: een uit die vele voorvalle in die Tweede Vryheidsoorlog*. Tweede uitgawe, derde druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Coetser, J.L. 1999. *KWU-werkendeklasdramas in Afrikaans (ca. 1930 – ca. 1950)*. *Literator*, 20 (2): 59-76.
- Comaroff, John L. & Stern, Paul C. 1995. *New Perspectives on Nationalism and War*. In: Comaroff, John L. & Stern, Paul C. (eds) *Perspectives on Nationalism and War*. Luxembourg: Gordon & Breach, pp. 1-13.
- De Wet, Reza. 1991. *Nag, Generaal*. In: De Wet, Reza. *Vrystaat-trilogie*. Pretoria: HAUM-Literêr, bladsy 113-151.
- Du Toit, S.J. S.j. *Magrieta Prinsloo*. Tweede uitgawe, derde druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Hofmeyer [Hofmeyr], Isabel. 1980. *Perspectives on Working-class Life Among Black and Afrikaanse Writers, 1890-1930*. *Africa Perspective*, 16: 22-41.
- Hofmeyr, Isabel. 1993. *Building a Nation from Words: Afrikaans Language, Literature and Ethnic Identity*. In: Marks, Shula & Trapido, Stanley (eds), *The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth-century South Africa*. London: Longman, pp. 95-123.
- Horatius (pseud.) 1917. *Mag is reg: Treurspel uit die Boere-Oorlog in 4 Bedrijwe*. Kaapstad: De Nasionale Pers.
- Louw, N.P. van Wyk. 1981. *Die pluimsaad waai ver, of, Bitter begin*. Kaapstad:

Human & Rousseau.

Oost, H. 1907. Ou' Daniel: Afrikaans Toneelspelletje. 2de druk. Pretoria: Volkstem.

Oosthuizen, S.P.R. 1975. Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Opperman, Deon. 1996. Donkerland. Kaapstad: Tafelberg.

Pretorius, Fransjohan. 1988. Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. D.Litt. et Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Roodt-Coetzee, Kotie. 1941. Musiek en toneel in die krygsgevangenekampe. Die Huisgenoot, 24 Oktober, bladsy 13, 15, 35.

Smit, Bartho. 1974. Die krisis van ons werklikheidsbeeld in drama en epiek. In: Smit, Bartho. Losgoed. Johannesburg: Perskor, bladsy 81-120.

Van der Merwe, Floris J.G. 1995. Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Universiteit van Stellenbosch Annale 1995/1).

Warwick, Peter. 1983. Black People and the South African War. Cambridge: Cambridge University Press.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 2. Desember 1999

[Temanommer](#) | [J.L. Coetser](#) | [Frederick Hale](#) | [Ena Jansen](#) | [Paul Schulten](#) | [J.C. Steyn](#) | [Chris van der Merwe](#)

Differentiating the concentration camps in Chris. C. Euvrard's Twee Susters

- Frederick Hale -

Abstract

Letterkundigen en historici hebben verscheidene aspecten belicht uit diverse literaire genres over het leven in de concentratiekampen, waarin meer dan 100.000 Afrikaners waren geïnterneerd tijdens de Boerenoorlog. De meeste interesse ging uit naar autobiografische verhandelingen. Tot nu toe was er betrekkelijk weinig aandacht voor literaire reconstructies van de omstandigheden in deze zo scherp veroordeelde kampen. Bijna geheel over het hoofd gezien is Twee Susters, geschreven door Chris C. Euvrard, een voormalige kampbewoonster en afkomstig uit de Oranje-Vrijstaat, die meerdere maanden in Heilbron en Oost-Londen heeft doorgebracht. Hoewel haar novelle, die zo'n 11 jaar na haar bevrijding is geschreven literaire finesse mist, heeft de Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst het verhaal toch geprezen wegens de historische verdienste en is het alleszins de moeite waard, omdat hier het Manicheïsch ethnisch dualisme vermeden wordt dat zoveel van de vroege Afrikaanse literatuur over de oorlog heeft besmet.

Preller se biograaf, P.J. du Plessis, skryf ter verdediging dat Preller, wat voor die oorlog aan die Departement Mynwese verbonde was, waarskynlik deur die hoof van dié Departement na Pretoria ontbied is om met die werk te help. Sedert die oorlog was daar talle stories oor die goud, en party daarvan het pres. Kruger "oneer aangedoen". So is kwaadwillig beweer dat Kruger die voorraad, wat dan "miljoene ponde" sou bedra, vir sy eie gebruik oorsee geneem het. Du Plessis skryf dat Preller uit sy pad gegaan het om sulke gerugte die nek in te slaan. "Om die artikels meer geloofwaardig te laat klink en makliker leesbaar te maak, het hy dit in populêre joernalistieke vorm, met homself as handelende figuur, aangebied" (Du Plessis 1988: 66).

M.E.R. het in Die Huisgenoot van 9 Oktober 1925 uitgewei oor haar jare in Transvaal tot kort ná die uitbreek van die oorlog. Die stuk, getitel "'n Kaaplander in Transvaal in die dae van die Republiek", is deels opgeneem in haar biografiese vertelling My beskeie deel, deels in die inleiding tot haar broer se Oorlogsdagboek. Geensins kritiekloos teenoor Transvaal beskryf sy die patriotiese gevoelens in die óu republiek.

Daar het in die twintigerjare nog 'n stuk of vyftien ander artikels oor die Anglo-Boereoorlog verskyn, maar hulle was so versprei dat hulle nie veel indruk kon maak nie.

3. Huisgenoot-bydraes tussen 1931 en 1949

Teen die middel van 1931 het die hoofbestuurder van die Nasionale Pers, mnr. W.A. Hofmeyr, Viljoen meegedeel dat die direksie besluit het om hom as redakteur aan te stel. Van 21 Augustus 1931 af verskyn sy naam as redakteur van die blad. Viljoen was 'n bekwame joernalis, nuusredakteur (destyds "tegniese redakteur" genoem) van Die Volksblad en daarna Die Burger en het 'n B. Lit. in joernalistiek van die Columbia-Universiteit in New York gehad. Daarby het hy 'n M.A. in geskiedenis aan die Transvaalse Universiteitskollege (tans Universiteit van Pretoria) behaal, en dit was heel natuurlik dat hy aandag aan die geskiedenis van die Afrikaner sou gee. Sommige van P.J. van der Merwe se studies oor die Afrikaner-trekboere het in 1938 in Die Huisgenoot verskyn voordat die Nasionale Pers hulle in boekvorm gepubliseer het (Muller 1990: 567). Tans word die werke as so belangwekkend beskou dat van hulle in Engels vertaal is en in Amerika uitgegee word. Viljoen het Afrikaanse, Nederlandse, Duitse en Engelse historiese werke deeglik laat bespreek.

Dat 'n liefhebber van die geskiedenis bydraes oor die oorlog sou bevorder, is nie vreemd nie. 'n Mens kan maklik aan die aanmoediging van sulke stukke 'n negatiewe interpretasie gee en dit sien as deel van 'n "georkestreerde en volskaalse mobilisering van alle Afrikaanse verenigings en organisasies" (Lamprecht, aangehaal deur Jansen 1999: 11) – 'n mobilisering van Afrikanersentiment, wat die uitbou van 'n "ideologiese Afrikaner-Nasionalisme" (Jansen 1999: 11) moes bevorder. Volgens Jansen was die meer as twintig outobiografiese geskrifte oor die oorlog in dié jare deel van dié uitbouproses.

Die woorde Afrikanernasionalisme en veral "ideologiese" Afrikanernasionalisme is so negatief gelaai dat 'n mens dit duidelik moet stel waarom Viljoen die publikasie van werk oor die oorlog aangemoedig het. Dit blyk uit sy herinneringe dat hy inderdaad 'n Afrikaans-nasionale kultuurpolitieke oogmerk gehad het: hy wou sy lesers met moed en idealisme besiel in 'n tyd van "verwarring en onsekerheid op ekonomiese gebied" en twyfel en "'n tasting na vaste waardes" in die geesteslewe (Viljoen 1953: 115).

Met "die verwarring en onsekerheid op ekonomiese gebied" verwys Viljoen klaarblyklik na die depressie en veral die onsekerheid oor die goudstandaard aan die begin van die dertigerjare. Dan was dit ook die tyd toe die armblankevraagstuk op sy knellendste erbaar is. Tot in 1939 het Afrikaanse koerante berigte geplaas oor die erge armoede van heelparty Afrikaners. (1) Die Huisgenoot het op 12 Augustus 1938 geskryf dat die "gestadige verarming van die Afrikanervolk" een van die "onrusbarende feite in ons volkslewe is". Op die platteland boer 'n aansienlike persentasie van die volk agteruit, terwyl die armste deel van die stadsbevolking uit Afrikaners bestaan.

Baie denkende Afrikaners het gevrees vir die verdwyning van die Afrikaners as volk, veral weens taalassimilasie. Verengelsing is een van die bedreigings wat Viljoen in 'n Huisgenoot-hoofartikel vermeld wanneer hy op 25 Februarie 1938 uitwei oor die lotgevalle van Afrikaners in die stad: "Die feit dat so baie Afrikaners in die stad verengels het, of darem Afrikaners gebly, maar kultuurloos geword, hul kerklike bande verbreek en die Afrikaanse verenigingslewe vaarwel gesê het en verder algeheel in gebreke gebly het om hul taal te handhaaf, was ongetwyfeld genoegsame rede vir besorgdheid by ons kultuurleiers." Die Afrikaner moet dus gehelp word om in die stede "homself te bly", soos hy dit in die volgende nommer (4 Maart 1938) stel. Die Afrikaanse skole, kerke, verenigings en pers moet help om die bande tussen die plattelandse en die stedelike Afrikaners sterker te bind.

Dis teen hierdie agtergrond dat 'n mens Viljoen se werwing van oorlogsbydraes moet sien. Hy skryf dat die vraag by hom opgekom het in hoever Die Huisgenoot kon meehelp om die volk weer met moed en idealisme te besiel sonder om bewus lerend op te tree. Hy was van mening dat daar net een middel was: "ek moes die volk voortdurend herinner aan die mees heroïeke tydperke in sy geskiedenis", soos die Groot Trek en die twee vryheidsoorloë. Die nadruk het geval op die avontuurlike en die heroïese, "ten einde myself te beskerm teen die papegaaikreet van rassehaat en politiek" (Viljoen 1953: 115). (2) Vir sover daar sprake was van "mobilisering van Afrikaner-sentiment" was dit 'n mobilisering wat begryplike verset teen taalverskuiwing as doel gehad het.

Hoewel Viljoen die klem op die heroïese plaas, was hy op sy hoede vir blinde heldeverering. In 'n hoofartikel "Geskiedenis of 'n begrafnisrede?" op 14 September 1934 reageer hy op kritiese briewe ná 'n artikel van C.J. Uys (later professor in geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) oor genl. Piet

Joubert. Dit is waar dat daar soms 'n verdraaide en onsimpatieke voorstelling van Afrikanerleiers gegee word, maar mens moet oppas om te ver na die ander uiterste te gaan, lui die hoofartikel. "Van elke leier wil ons nou 'n groot figuur maak en van elke Voortrekker 'n held, en wee die man wat 'n ander mening verkondig". As ons geskiedenis skryf, het ons te doen met blywende waardes, en "as dit soms nodig mag wees om 'n ongunstige oordeel oor 'n heengegane volksleier te vel ten einde 'n juiste beeld te verkry van 'n bepaalde tydperk, dan moet dit nie ter wille van familiebetrekkinge of wie ook al verswyg word nie". Ons moet nie te liggeraak wees as 'n eerlike historikus soms ook minder goeie dinge uit ons verlede aan die lig bring nie, waarsku Die Huisgenoot. (3)

In die eerste jare van Viljoen se redakteurskap het daar net enkele bydraes oor die oorlog verskyn. C. Louis Leipoldt was 'n gewilde medewerker, en 'n deel van sy artikel "Drie Kersnagte" in die vakansieuitgawe op 4 Desember 1931 handel oor sy herinneringe as joernalis van The South African News met Kersfees 1899 en 1900. In Desember 1900 het hy sittings van die Rondgaande Hoogverraadhof op Colesberg gerapporteer – almal teen ingesetenes van die distrik wat hulle op die een of ander manier aan hoogverraad sou skuldig gemaak het.

In 1932 en die eerste maande van 1933 het daar 'n klompie verspreide artikels verskyn, onder andere van kol. H.S. du Toit en ds. J.D. Kestell. Laasgenoemde se "30 Mei 1902. 'n Treurspel se tragiese einde" (27 Mei 1932) moes eintlik "31 Mei 1902" gewees het, want dit handel hoofsaaklik oor dié dag. Die stuk bevat niks wat nie reeds in Kestell se Met de Boeren-commando's van 1903 staan nie, maar min lesers sou nog dié boek geken het.

Die reeks wat die meeste gedoen het om die belangstelling te wek, is Die held van Spioenkop, wat deur Dirk Mostert saamgestel is uit die dagboek van kaptein Henri Slegtkamp, 'n rustelose en vreeslose Boereverkenner van Nederlandse herkoms. Die Huisgenoot het soveel waarde aan Slegtkamp se oorlogsherinneringe geheg dat dit 'n paar weke voor die eerste aflewering aangekondig is. Die Huisgenoot meld op 28 April 1933 dat hy die publikasiereg verkry het. "Dit is 'n verhaal wat meermale aan die ongelooflike grens, en die heldedade is des te meer treffend as ons dit in die eenvoudige taal van "Die Tier van Transvaal" lees – soos Slegtkamp naderhand genoem is." Die dagboek was oorspronklik in Nederlands, maar Dirk Mostert, bekend as skrywer van die gewilde Oom Bart-stories, het dit "in eenvoudige Afrikaans" oorgesit. Ná Die Huisgenoot se aankondiging het die blad etlike briewe ontvang waarin lesers skryf hoe bly hulle is om iets meer van die beroemde verkennerkorps te verneem. (4)

Die reeks het van 22 Junie tot 10 November 1933 verskyn. Die blad skryf op 22 Junie dat hy die verhale nie plaas "om wonde wat geheel is opnuut te laat bloei nie", maar om te wys op die "groot heldedade van 'n klompie van die vernuftigste verkenners wat die stryd opgelewer het en om hulde te bring aan hul nagedagtenis". Die Huisgenoot verduidelik waarom hy die dagboek nie in sy oorspronklike vorm plaas nie. Die herinneringe is fragmentaries en het heelwat verandering en aanvulling vereis om die gebeurtenisse in hul regte verband te stel. Vir baie mense sou die verhaal in sy oorspronklike vorm ongenietlik gewees het. "Trouens, dit lê ook nie op die weg van 'n populêre tydskrif om dokumente van hierdie aard, met angsvallige inagneming van elke besonderheidjie in hul oorspronklike vorm oor te druk nie. Dit is ons hoofsaaklik om die feite en die verhaal te doen; die vorm kom daar minder op aan. Dit is dus nie omdat ons teen die plasing van stukke in Nederlands is dat die dagboek omgewerk is in Afrikaans nie, maar enkel omdat dit as verhaal daardeur baie beter is."

Op 22 Desember 1933 het Die Huisgenoot 'n kritiese reaksie van E.J. Weeber op die Slegtkamp-reeks geplaas onder die titel "Wie was die held van Spioenkop?" Hy betoog dat Slegtkamp één van die helde was – Jack Hindon was 'n ander – en dat dit gebruik is om die opperbevelhebber van 'n leër wat 'n veldslag wen, as die held van die slag te beskou; by Spioenkop was dit genl. Louis Botha. Die Huisgenoot het in sy antwoord geskryf dat die blad en Dirk Mostert verantwoordelik was vir die titel. "Of hy [Slegtkamp] daardie benaming verdien na die heldedaad wat hy en sy twee onverskrokke makkers verrig het, laat ons aan die oordeel van die lesers oor." Slegtkamp van Spioenkop was die titel waaronder Dirk Mostert se verwerking in 1935 in boekvorm verskyn het. Dit sou nie verbasend wees as die Slegtkamp-reeks E.J. Weeber geprikkel het om sy eie oorlogservaringe te boek te stel nie. In sy relaas oor Spioenkop deel hy mee dat Slegtkamp in Januarie 1902 sy lewe gered, of hom ten minste van gevangeneneming bewaar het. In die volgende paar jaar sou Weeber talle bydraes oor die oorlog skryf. Daaronder was "Pres. Reitz op kommando" (13 Julie 1934) en "Kersfees op kommando" (28 Desember 1934).

Ná die Slegtkamp-reeks tot aan die einde van 1934 het daar verbasend min stukke verskyn. Tog was daar op 15 Desember 1933 'n belangwekkende artikel waarin "Jan Snuffelgraag" waardevolle gegewens oor "Die pers in ons oorlog" verskaf. Hy skryf oor die Vrystaatse "vliegende drukkerij", wat op allerlei plekke weggesteek is, soms in 'n bergkloof, dan weer agter 'n stapel klippe, dan weer in 'n ou skoolgebou. "Een koerantjie en belangwekkende amptelike stukke is bo in die berge onder 'n hol krans gedruk, onderwyl die wind partykeer om die drukkerij gegier, papiere die kloof afgewaai en drukrolle en inkplaat vol sand gewaai het". Meer akademies van aard was twee artikels op 10 en 17 Augustus 1934 deur G.J. Smit oor die onderwystoestande in die konsentrasiekampe.

Die Kersuitgawe (ook genoem vakansieuitgawe of Kersnommer) was die prestigenommer en die redakteur het moeite gedoen om die medewerking van vooraanstaande skrywers te kry. In die Kersuitgawes van 1934 en 1935 was daar oorlogsbydraes van die geliefde volksdigter Jan F.E. Celliers. Op 7 (en 14) Desember 1934 was dit "Ek ontvlug uit Pretoria. 'n Uittreksel uit my oorlogsdakboekie".

Die res van Celliers se onderhoudende herinneringe, getitel "Uit my oorlogsdagboek", het van 6 Desember 1935 (weer die Kersuitgawe) tot 28 Februarie 1936 in dertien aflewings verskyn. Die redakteur skryf dat Celliers die blad toegestaan het om "alleen uittreksels te publiseer". Volgens Oberholster het Celliers self die dagboek in Afrikaans verwerk (1978: 11). Die Huisgenoot skryf dat dit nie 'n relaas van "groot veldslae en klinkende wapenfeite" is nie, "maar 'n intieme skets van die kommando-lewe, met hier en daar 'n indringende ontleding van persone en toestande". Volgens Oberholster het die Voortrekkerpers in die sestigerjare die publikasie daarvan oorweeg, en het die werk tot in die bladproefstadium gevorder. Daarna het die Voortrekkerpers en Afrikaanse Pers Beperk saamgesmelt, maar die nuwe persgroep het die publikasie laat vaar ten gunste van een deur die RGN. A.G. Oberholster het die redigering en annotering daarvan behartig (1978: 11-12).

Die Kersuitgawes van 1936 en 1937 bevat twee Kersvertellings van J.D. Kestell ("Kersdag 1900" op 20 November 1936 en "Te velde" op 19 November 1937).

In 1935 het die stroom bydraes oor die oorlog al hoe sterker geword. Een van die skrywers was 'n bekende onderwysman en skrywer van skoolboeke, O. van Oostrum. Hy het in 1898 uit Nederland in Transvaal aangekom en hom sterk met

die Boeresaak vereenselwig. In 1899 is hy saam met ander burgers in sy wyk opgekommandeer en op 27 Februarie 1900 by Paardeberg gevange geneem. Daarna was hy op Ceylon in die krygsgevangenekamp en het les gegee in Duits, Frans en wiskunde. Ná die oorlog het hy op verskeie plekke skoolgehou in CNO-skole. Sy "Herinneringe van Ceylon" is op 26 April, en 3, 10 en 17 Mei 1935 geplaas, en "Aan die westelike front. Herinneringe aan Paardeberg en voorafgaande skermutselinge" op 17 April 1936.

Ander belangwekkende artikels in 1935 was 'n reeks van 18 Oktober tot 15 November deur die historikus en joernalis C.J.S. Strydom. Die titel van die eerste, "Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog", was ook die titel van sy boek Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog, die eerste deel (in 1937) van "Ons Geskiedenis-serie" van die Nasionale Pers, 'n reeks van 21 mooi uitgegewe boeke. Strydom se werk is as proefskrif aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar met prof. Eric Walker as promotor.

Hoofstukke van nog 'n deel in "Ons Geskiedenis-Serie" het in 1935 en 1936 verskyn, naamlik E.J. Weeber se Op die Natalse front (1940). Die oorspronklike artikels is taamlik ingrypend verwerk, so ook stukke van 1936 en 1937 wat deel was van sy Op die Transvaalse front. Weeber was voor die oorlog 'n amptenaar in diens van staatsekretaris F.W. Reitz (Weeber 1940: 24-25).

Van nog 'n later bekende historikus het daar in 1935 (op 19 April) 'n artikel verskyn, naamlik G.D. Scholtz. Sy stuk oor die Duitse Keiser en die Boere was 'n voorloper van sy gesaghebbende Europa en die Tweede Vryheidsoorlog (Scholtz 1939).

Die styl en inhoud van 'n viertal onderhoudende artikels, "Op St. Helena. Herinneringe van 'n Oud-krygsgevangene" deur I.J. Minnaar (Desember 1936), laat 'n mens vermoed dat dit die skuilnaam was van P.J. Nienaber. Hy moes sy vertelling gegrond het op die dagboek van die gebore Nederlander Hendrik de Graaf. De Graaf is in die slag van Elandslaagte gevang en na die Deadwoodkamp op St. Helena gestuur. Ná die oorlog was hy oprigter van Het Westen, voorloper van Die Volksblad. Nienaber het ná De Graaf se dood sy dagboek gepubliseer onder die titel Boere op St. Helena: die oorlogsdagboek van H. de Graaf (1950). Nienaber se Nag op St. Helena is ook daarop gebaseer.

Eerder in 1936 het Viljoen aktief die publikasie van stukke oor die oorlog begin aanmoedig. Dit het hy gedoen deur 'n wedstryd uit te skryf, iets wat in daardie jare meermale gebeur het om lesenswaardige bydraes te werf. In 1935 was daar 'n wedstryd vir humoristiese verhale, waarvan die uitslag op 6 Desember 1935 aangekondig is. Dit is "geen geringe taak" om weekliks 'n blad met die omvang van Die Huisgenoot uit te gee en "dit met die geringe aantal skrywers waaroor ons beskik op die gewenste peil te hou nie", skryf die redakteur – vandaar die wedstryd.

Waarskynlik het die gewildheid van Dirk Mostert en Weeber se stukke die redakteur laat besluit om op 18 September 1936 'n wedstryd vir oorlogsveterane aan te kondig. "Dit is opmerklik watter groot belangstelling die artikels wat ons van tyd tot tyd oor die Tweede Vryheidsoorlog geplaas het, onder lesers in alle kringe van die samelewing opgewek het," sê die blad. Daar is duisende mense wat merkwaardige ervarings beleef het "en aan hulle wil ons nou die geleentheid gee om een en ander daarvan aan lesers van Die Huisgenoot mee te deel".

"Wat ons verlang, is dat hulle moet vertel van een of ander merkwaardige avontuur

– hetsy 'n stukkie knap speurwerk wat met groot gevaar gepaard gegaan het, 'n noue ontkoming of 'n waaghalsige onderneming – wat hulle gedurende die Tweede Vryheidsoorlog beleef het." Vriende kan help met die skryfwerk, maar die hoofsaak is "dat die besonderhede van die verhaal in alle opsigte juis moet wees".

Die Huisgenoot het talle bydraes ontvang en op 22 Januarie 1937 geskryf dat die heldedade wat aan die lig gekom het, die blad "andermaal onder die diepe indruk gebring" het van die "bykans ongelooflike dapperheid" van die burgers in die ongelyke stryd met Engeland. "Hul taaie volharding, bykans bowemenslike moed en hul offervaardigheid is 'n voorbeeld wat die nageslag tot in die verste toekoms behoort te inspireer". Wat Die Huisgenoot veral getref het, is "die algehele afwesigheid van 'n neiging om met eie prestasies te spog. Een waagstuk na die ander word vermeld asof dit die allergeewoonste dinge is wat plaasgevind het in plaas van dade van dapperheid wat nagenoeg elkeen van die deelnemers aan die worstelstryd, indien hulle tot een van die Europese volkere behoort het, die hoogste militêre onderskeiding sou verseker het".

Die doel van die wedstryd was nie alleen om interessante ontspanningsleesstof te verkry nie, maar veral om die jonger geslag 'n kykie te gee in een van die roemrykste tydperke in die Afrikanergeskiedenis, en om by die oorgeblewe veterane opnuut belangstelling op te wek in die teboekstelling van hul herinneringe. Die knap wyse waarop heelparty verhale opgestel is, het die blad aangenaam verras. "'n Mens kon as 't ware voel hoe sommige van hulle in hul verbeelding teruggevoer word tot die veelbewoë tydperk wat hulle deurgemaak het. Daar is geen poging gedoen tot mooiskrywery of 'n opgesmukte verhaal nie: net die blote feite is vermeld, maar feite wat direk tot 'n mens se hart spreek soos geen subjektiewe verduideliking dit kan doen nie".

In populêre oorlogslektuur is ontsnappingsverhale gewoonlik van die pakkendste, en die eerste prys in Die Huisgenoot se wedstryd is met so 'n verhaal gewen. Op 22 Januarie 1937 is dit geplaas onder die titel: "Ceylon-toe? Nee, nooit!" deur W.H. Boshoff. Dit gaan oor die waaghalsige ontvlugting deur 'n burger met 'n doodsvrees vir Ceylon (tans Sri Lanka). Nog 'n bydrae handel oor 'n paar krygsgevangenes wat een nag in die Karoo weggekom het uit 'n trein wat hulle weggevoer het. In 'n ander vertel iemand hoe hy en 'n makker op 'n keer halflyf in erdvarkgate vol water geskuil het enkele meter van waar die Engelse kamp opgeslaan en verbygetrek het. Van 5 Februarie af het die reeks onder die algemene titel "Oorlogsavonture" verskyn – nommer XXII op 21 Mei; daarna was daar nog 'n ongenommerde bydrae op 4 Junie.

Die Huisgenoot skryf op 2 Julie 1937 dat hy nie glo dat hy al 'n artikelreeks geplaas het wat met soveel belangstelling gelees is nie. "Baie lesers het aan ons geskryf dat hulle eksemplare van Die Huisgenoot letterlik stukkend gelees is, want dit moes telkens die ronde van die hele buurt doen, en mense wat maar selde 'n tydskrif lees, het die artikels met gretigheid verslind. Wat ons veral getref het, was die groot belangstelling van jong lesers en leeresse. Vir hulle was die verhale van die oorlogsveterane in baie gevalle 'n openbaring, want hoewel hulle al dikwels gehoor het van die dapperheid en offervaardigheid van die Boere, was dit maar net 'n oorlewering wat al so langamerhand begin vervaag het, veral namate die ou veterane die een na die ander van die toneel verdwyn".

Dit gebeur buitendien maar selde dat die ouer geslag oorlogsverhale aan die jongeres meedeel, "waarskynlik omdat die Afrikaner beskeie van aard is en nie graag die indruk wil verwek van te spog met eie prestasies nie." Die artikels het vir

die jonger geslag konkrete voorbeelde gegee van "die bykans bowemenslike moed" van die ou "Bittereinders", en die geskiedenis van die oorlog het vir hulle as 't ware konkrete gestalte aangeneem. "Dit was nie meer 'n vae oorlewering nie, maar hulle het kennis gemaak met lewende persone en die ou Boer, wat vandag dikwels veragtelik as 'n agtervelder bestempel word, in 'n nuwe lig gesien".

Om die kennis in verband met die oorlog verder te verbrei, het Die Huisgenoot op 2 Julie 1937 nog 'n wedstryd uitgeskryf. Dié keer was dit vir die vroue. Die versoeking is groot om geen perke te stel nie, "maar ons vrees dat die resultaat miskien te hartroerend sal wees" en daarom het Die Huisgenoot hom bepaal tot gebeurtenisse buite die konsentrasiekampe.

Baie vroue het allerlei interessante en spannende avonture beleef. Hulle is genooi om "nie oor ontberinge of die leed wat hulle moes deurstaan" uit te wei nie, maar hulle te beperk tot "die avontuurlike sy van die gebeurtenisse", soos hoe hulle die vyand soms uitoorlê of op buitengewone wyse ontsnap het, watter gevare hulle soms moes trotseer en hoe die vindingrykheid van die Boervrou daarby te pas gekom het. Die verhale moet spannend wees en nie maar net 'n opstapeling van tragiese gebeurtenisse nie. Ons wil naamlik aan die nageslag toon dat die vroue in oomblikke van gevaar net so vindingryk was as die mans. Humoristiese voorvalle kan ook vermeld word, solank die mededeling as geheel interessant en boeiend is".

Die blad skryf dit moet nie aan die redaksie oorgelaat word om maar reg te skawe en oor te skryf nie. Elke verhaal moet goed opgestel en in elke opsig duidelik wees. Maar Die Huisgenoot beklemtoon dit ook weer dat die feite in alle opsigte juis moes wees. Hy verkies nie skuilname nie omdat dit die geskiedkundige waarde van die stukke verminder.

Die Huisgenoot het weer baie bydraes ontvang, wat hy gepubliseer het onder die algemene titel "Vlugtende vroue". Op 22 Oktober 1937 skryf Die Huisgenoot dat hy getref is deur die vindingrykheid van die Boervrou. Baie van die Boervroue was fyn opgevoed en het nie so iets as gebrek geken nie, maar toe die nood aan die man kom, was geen moeilikheid vir hulle te groot om te oorwin nie. Meermale het dit selfs gebeur dat hulle uit hul eie skrale voorraad kos en klere ook nog in die behoeftes van die veggende burgers kon voorsien.

'n Ander opmerklike kenmerk is die algehele afwesigheid van enige sweem van bitterheid. Van die grootste ontberinge en opofferings word melding gemaak asof dit iets alledaags is, wat wel op daardie oomblik swaar was, maar eenvoudig vermeld word as 'n geringe insident uit 'n veelbewoë tydperk. "En andermaal het ons gevoel watter belangrike terrein hier nie alleen vir die historikus nie, maar ook vir die romanskrywer braak lê. Ons hoop dus dat hierdie bydraes ons skrywers sal aanspoor om ook hul aandag te vestig op hierdie roemryke tydperk in ons geskiedenis".

Die reeks het van 5 November 1937 tot nommer XIX op 11 Maart 1938 verskyn. Een daarvan handel oor 'n aantal vroue wat 'n groot deel van die oorlog op 'n eiland in die Vaalrivier gaan woon het om aan gevangenskap te ontkom, en 'n ander oor twee vroue wat uit 'n konsentrasiekamp ontsnap het.

Buite die wedstryde om was daar ander artikels, soos twee oor die slag van Elandsplaagte, wat veral bekend is omdat dit die eerste groot slag van die oorlog was (21 Oktober 1899) en soveel Nederlanders en Duitsers, wat aan republikeinse kant geveg het, daar omgekome het. Een van die oorlewende Nederlanders, dr. J.C.

Kakebeeke, wat gesorg het dat betroubare berigte oor die slag De Volksstem bereik, beskryf op 14 Mei 1937 die einde van die Hollanderkorps, en weerlê op 21 Mei 'n lasterlike bewering wat selfs deur kommandant-generaal Piet Joubert gedoen is. Dis dat die noodlottige afloop van die slag te wyte was aan drank wat die vorige dag uit 'n verowerde Engelse trein verkry is. Genl. Joubert het aan Kakebeeke gesê: "Julle Hollanders was seker weer baie dronk gewees". Kakebeeke voer oortuigende bewyse aan dat die beskuldiging ongegrond is. Dié soort beweringe wat Kakebeeke weerlê, is simptoom van die soort betrekkinge tussen die Boerevegters en buitelandse vrywilligers wat, soos Fransjohan Pretorius skryf, "oor die algemeen nie goed" was nie (1991: 266). In daaropvolgende artikels (28 Mei tot 11 Junie 1937) doen Kakebeeke verslag van sy vegaktiwiteite in die Vrystaat voordat hy as gewese Nederlandse immigrant gedeporteer is.

Ses jaar later (op 16 en 23 April 1943) was daar nog twee artikels oor Elandslaagte, geskryf deur Annie Rothmann, suster van M.E.R. Die artikels was oorspronklik in Engels, die taal waarin die twee Rothmann-susters aan mekaar geskryf het. Dat die twee patriotiese susters Engels gebruik het en nie Nederlands nie, was die gevolg van die verpligte Engelsmediumonderwys in die Kaapkolonie. Annie Rothmann (later Van Zyl) het haar ná die uitbreek van die oorlog as vrywilliger vir die ambulansdiens aangemeld. Ná die slag van Elandslaagte het sy die eggenote van die gewonde genl. J.H.M. Kock vergesel, wat verlof gekry het om haar man in Ladysmith te gaan oppas. Hy is op 31 Oktober oorlede.

Vanuit 'n ander perspektief as dié van die vegtendes is enkele afleweringe in 'n reeks herinneringe van die politikus, oud-redakteur en taalstryder senator F.S. Malan ("'n Oud-joernalis kyk terug" vanaf 7 Mei 1937). Sy stukke handel oor sy wedervarings as redakteur en gevangene in die oorlog. Hy was in 1901 redakteur van Ons Land, mondstuk van die Afrikanerbond en is saam met drie ander redakteurs tot tronkstraf gevonnissen weens die publikasie van anti-Britse dokumente wat na bewering lasterlik was.

In 1938 was daar heelparty minder bydraes as in die vorige paar jaar, maar daarvoor was daar 'n goeie rede – die baie artikels oor die Groot Trek. Simptomaties van die belangstelling van dié tyd was wel 'n kort artikel deur W.J.H. Badenhorst, "Komdt. Gideon Scheepers. Vermeende oorsaak van sy siekte en oorgawe". Dit is die persoonlike herinneringe van Carel Lehmkuhl, wat lid was van Scheepers se kommando en onder trane van hom afskeid geneem het (Preller 1940: 74). Daar was in 1938 talle berigte in die koerante oor iemand wat beweer het dat hy Scheepers is. Lehmkuhl het die moontlikheid geopper dat Scheepers vergiftig is, iets wat J.A. Smith egter op 14 Junie 1938 teëgespreek het.

Die besondere gewildheid van die wedstryde het Die Huisgenoot laat besluit om nog een uit te skryf – dié keer oor die buitengewone prestasies van diere in die oorlog. Die redaksie het veral gedink aan "die mens se twee getrouste dienaars en vriende, die perd en die hond". 'n Mens kan dikwels lees van die wonderlike dade van die Arabier se perd, van sy buitengewone intelligensie en hoe hy liever sy lewensal prysgee as om sy baas te verlaat. "Die Boerperd, wat, tussen hakies, in die oorlog sy graf gevind het, het ook Arabiese bloed in sy are gehad, en ons is oortuig daarvan dat dit nie net sy uithou vermoë is wat verdien om in die geskiedenis van die oorlog verewig te word nie."

Die redakteur gee 'n voorbeeld van 'n diereverhaal waarmee hy bekend was: op 'n plaas op die Hoëveld het die hond ontsnap toe die huis afgebrand en sy nooi met haar gesin weggevoer is. Hy het by 'n getroue bejaarde swart man sy intrek

geneem, maar tot die end van die oorlog noukeurig onderskei tussen Tommies en Boere – glo selfs toe die Boere later verplig was om kakieklere te dra! – en hom altyd uit die voete gemaak sodra 'n Engelse kolonne in aantog was. Maar die redakteur het tog veral belang gestel in die verhale oor "die wonderlike Boerperde, wat die roemrykste kordaatstukke van die Boere moontlik gemaak het".

Ook by dié geleentheid (13 Januarie 1939) het die redakteur die skrywers dit op die hart gedruk dat hul mededelings in alle opsigte juis moes wees. "Waar 'n verhaal nie op eerstehandse kennis berus nie, moet dit noukeurig gekontroleer word" totdat die skrywer oortuig is dat die feite "nie in die minste aan twyfel onderhewig is nie".

Die wedstryd het inderdaad veral die trou en kameraadskap van die perde beskryf, maar ook dié van honde; daarby het 'n paar ander diere ook af en toe as "helde" opgetree. Die skrywers het die verhale sober en sonder opsmuk vertel. "Selfs al het ons nie hul uitdruklike versekering gehad dat elke besonderheid letterlik waar is nie, sou die nugtere eenvoud waarmee hulle dit beskryf al genoeg gewees het om 'n mens van die egtheid daarvan te oortuig".

Die geesdrif waarmee die wedstryd begroet is, het nie net geblyk uit die groot aantal inskrywings nie, maar ook uit die briewe van die skrywers. 'n Hele paar het voorgestel dat daar uit dankbaarheid teenoor die Boerperd 'n monument opgerig word. Ook Die Huisgenoot skryf op 19 Mei 1939 dat die verering van die Boerperd met 'n gedenkteken seker die hartlike goedkeuring sal wegdra van "elkeen wat bewondering oor het vir die trou en uithoudingsvermoë van 'n dier".

Die bydraes in "Dierehelde van ons Vryheidstryd" het op 19 Mei 1939 begin – die eerste was getitel "Blessie, die onoortreflike", die verhaal van 'n merkwaardige perd. Twee van die verhale gaan oor honde wat dit reggekry het om by hul base te bly tot hulle op die skip gelaai is krygsgevangenekampe toe. Die reeks het op 10 November 1939 met nommer XIX geëindig. Hierdie verhale is opgeluister met illustrasies deur T.O. Honiball, wat later veral bekend geraak het veral om sy politieke spotprente en sy strokiesprente Oom Kaspas, Jakkals en Wolf en Adoons-hulle. Destyds het Honiball illustrasies by kortverhale en sommige artikels gemaak.

Van 4 Augustus 1939 tot 8 Maart 1940 is 'n reeks deur 'n bekende oorlogsleier, genl. Wynand Malan, gepubliseer. Dit was "'n Guerilla-leier vertel", wat in boekvorm onder die titel Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan in Ons Geskiedenis-serie verskyn het. H.J.C. Pieterse was die skrywer. Pieterse, 'n onderwyser van die Hoërskool Maitland, sê in die voorwoord dat veral Viljoen en J.A. Smith van Die Burger Malan beweeg het om sy herinneringe te laat opteken. "Mev. Malan het twintig jaar gepleit; ek het tien jaar mooigepraat; sy dogters het ingewillig om te skrywe... maar die Generaal het ons maar net so gekorrel met die effense hang-oog asof ons kakies is wat nie beter weet nie... Toe eendag praat hy so verlang: "nou, as Johannes Smith en mnr. Viljoen dan dink dat ek iets behoort te laat opteken..." Mev. Malan het dadelik begin trommels inpak... Meer as 'n jaar het sy meerendeels stoksielalleen daar ver onder die sonlyn die boerdery vir haar man waargeneem" (Pieterse 1946). Die Malans was in Tanganjika, die huidige Tanzanië, woonagtig.

Hoewel Die Huisgenoot in die Tweede Wêreldoorlog baie dun geraak het weens die papierskaarste, is steeds stukke oor die oorlog geplaas. So was daar in 1942 en 1948 reekse oor getroue agterryers, bruin maar veral swart mans wat saam met hul Boerewerkgewers op kommando was. Hierdie vertellings het die lesers gehelp om

die swart mense se optrede in die oorlog te sien ook van 'n ander kant as dié wat in party Huisgenoot-vertellings en oorlogsboeke aan die lig gekom het; hulle het soms wreed opgetree teen veral die Boervroue wat konsentrasiekampe toe geneem is.

Van die skrywers het verklaar dat hulle bly is oor die geleentheid om te boekstaaf watter dienste die agterryers aan die kommando's bewys het. 'n Tipiese opmerking is dié van adjudant J.N. Brink, DTD, wat op 5 Maart 1948 skryf: "Ek wil hier gebruik maak van die geleentheid wat Die Huisgenoot ons bied om meer bepaald 'n lansie te breek in verband met die prestasies van agterryers op kommando. Soos die geval tans is met die oud-stryders van daardie oorlog, het baie agterryers ook reeds van die toneel verdwyn, en diegene wat nog in die lewe is, is ook reeds oud en swak. Die oorlogsdade van sommige van hulle behoort alte seker geboekstaaf te word voordat dit te laat is".

In die eerste bydrae in dié reeks het die insender, mev. Sannie Steyn, die betrokke agterryer self aan die woord gestel. Dit was die bekende Ruiter, wat president Steyn in Julie 1901 op Reitz help ontsnap het.

Nog 'n merkwaardige verhaal is dié van "Generaal Windvoël" deur H. du Plessis (11 September 1942). "Generaal Windvoël" het gesê hy gaan sy land en die land van sy werkgewer se kinders help verdedig. Hy het die hele oorlog deur geveg.

In die veertigerjare het 'n hele paar nuwe medewerkers op die voorgrond getree. Onder hulle was 'n kultuurhistorikus, Kotie Roodt-Coetzee, wat op 16, 23 en 30 Augustus artikels oor die krygsgevangenekampe in die Ooste en Portugal, St. Helena en Bermuda en die handwerk van die krygsgevangenes gehad het. Dié is op 17 en 24 Oktober 1941 en 23 Januarie 1942 gevolg deur artikels oor onderskeidelik die letterkunde, musiek, toneel en godsdiens van die krygsgevangenes. Die krygsgevangenes was ook die tema van 'n artikel deur P.J. Nienaber op 10 November 1944: "Hoe krygsgevangenes ontsnap het. Uit die dagboek van De Graaf".

Dit sou sinloos wees om 'n opsomming te gee van al die artikels en vertellings wat in hierdie jare geplaas is. Vermeldenswaardig is tog wel dat 'n paar historici wat later bekend sou raak, nou in Die Huisgenoot begin publiseer het. Van D.W. Kruger was daar van 1945 tot 1947 drie artikels – op 23 November 1945 en 11 Januarie 1946 oor "Reise met besondere opdrag" (in verband met die verbindings tussen die republieke en Europa) en op 12 November 1947 oor genl. Koos de la Rey. W.J. de Kock was die skrywer van twee artikels (15 en 22 Desember 1944) oor die herinneringe van kol. H.C. Bredell, wat van net voor die oorlog tot met pres. Kruger se dood laasgenoemde se private sekretaris was. Die twee onderhoudend geskrewe artikels is bedoel as "informele aanvulling" by 'n verhandeling deur Coenraad Beyers oor die laaste lewensjare en heengaan van pres. Kruger. Van J.C. Otto, skrywer van Die konsentrasiekampe (1954), was daar 'n stuk oor die ontsnapping van 'n Boerekommandant, J.E. Spruijt (7 April 1944), en 'n waaghalsige poging van 'n Afrikaanse vrou om medisyne aan haar pa te besorg voordat hy as krygsgevangene weggevoer sou word (19 Januarie 1945).

4. Bydraes ná 1949

Viljoen het in 1949 weens verswakkende gesondheid afgetree (sy afskeidsartikel

was op 29 April 1949). Hy is opgevolg deur A.M. van Schoor, wat ná agtien maande hoof van die SAUK se eerste onafhanklike nuusdiens geword het. Sy opvolger was J.J. Spies (1950-1959). Teen hierdie tyd het die belangstelling in die oorlog al afgeneem. Tussen 1949 en 1952 was daar wel 'n oplewing weens die aandag aan die uitbreek en verloop van die oorlog 'n halfeeu tevore.

'n Mooi oorsig oor die eerste paar maande van die oorlog het in Die Huisgenoot van 7 Oktober 1949 verskyn. Dit was 'n heldenommer, en die historikus J.H. Breytenbach was die skrywer van die artikel getitel "50 jaar gelede" met die byskrif: "Groot oomblikke uit die Tweede Vryheidsoorlog, wat op 11 Oktober 1899 uitbreek het". Breytenbach gee in dié artikel 'n lewendige oorsig van die gebeurtenisse. 'n Paar lesers het sy beskrywing van die gebeurtenisse by Paardeberg in twyfel getrek. Hul reaksies is op 16 Desember 1949 geplaas onder die opskrifte: "Nogeens oor Paardeberg/ Wie dra die skuld?" Ná Breytenbach se antwoord in dieselfde nommer het 'n ander leser op 10 Maart 1950 gereageer.

Terwyl die belangstelling in die Anglo-Boereoorlog gekwyn het, wou lesers liever meer weet van die Tweede Wêreldoorlog. Tiperend was die prominensie wat die eerste van vyf artikels oor Suid-Afrika se deelname aan die stryd in Noord-Afrika in sy nommer van 2 Junie 1950 gekry het teenoor die minder prominente plek wat die historikus W.J. de Kock se uiters lesenswaardige "50 Jaar gelede het Pretoria geval" in dieselfde nommer moes inneem.

Behalwe Breytenbach en De Kock het ook D.W. Kröger 'n paar oorsigsartikels gelewer, getitel "Winter in die hart van 'n nasie" en "Taaiste manne wat Suid-Afrika opgelewer het" (26 Mei en 9 Junie 1950). Pretorius verwys mispriesend na laasgenoemde as 'n "eensydige lofsang" wat in 'n "gloed van nasionalisme" geskryf is (1991: 17). Sy opmerkings is tekenend van die ideologiese verandering in die Afrikaanse geskiedskrywing sedert die jare dertig. Toe H.B. Thom op 18 Maart 1938 Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog van C.J. Scheepers Strydom in Die Huisgenoot bespreek, het hy betoog die boek is wel interessant, maar "koud en sonder geesdrif" geskryf – "'n bietjie kleurloos en karakterloos; dit styg nie tot hoogtes nie en dit inspireer nie". Strydom volstaan met konstatering van "die feite van altwee kante van die saak". Hierdie feite is miskien interessant, "maar dit is nie genoeg om die werk tot hoogtes te voer nie", skryf Thom. Kröger se 1950-artikel was die soort wat sou kon "inspireer", en alles behalwe "kleurloos en karakterloos" was. Waarskynlik is nie een van die oordele heeltemal billik nie, en is daar plek vir sowel die feitelike, interessante relaas sonder direkte pogings tot inspirasie (soos dié van Strydom), as die onderhoudende verteltrant van Kröger, wat bowendien daarin slaag om die betekenis van die bittereinders se volharding te vat.

Ná byna twee dekades van oorlogsbydraes het Die Huisgenoot op 22 Mei 1953 die skryfery tot 'n einde gebring. In 'n hoofartikel "Genoeg herinneringe van oudstryders?" skryf hy dat nog gereeld herinneringe van oudstryders ontvang word. "Ons vrees egter dat die tyd aangebreek het om te vra of die tyd vir die optekening van blote herinneringe nie verby is nie". Die oorblywende oudstryders kan "waarskynlik nie veel meer tot ons kennis van die tydperk bydra nie". Die bydraes word variasies "van wat ons reeds weet". Daar is ook al hoe meer twyfel aan die geloofwaardigheid van herinneringe van bejaardes. Die oorlog het nou die terrein geword van die "geskiedvorser en nie meer van ooggetuies nie".

Ondanks die hoofartikel het Die Huisgenoot nog 'n hele aantal interessante bydraes geplaas – onder andere een deur nog 'n jong historikus wat een van die kenners van

die oorlog sou word, naamlik M.C.E. van Schoor. 'n Artikel op 5 Junie 1953 het gehandel oor die beraad tussen pres. Kruger en Milner in Mei 1899 in Bloemfontein, en 'n ander getitel "Waarom is genl. De Wet so 'n groot held?" op 8 Oktober 1954 ten tyde van die herdenking van De Wet se geboorte 'n eeu tevore .

5. Die waarde van Die Huisgenoot se bydraes

Viljoen het deur sy wedstryde tientalle belangwekkende vertellings oor die oorlog verkry. Daarmee het hy die belangstelling in die oorlog vergroot en bygedra tot die optekening van die "vinnig verdwynende geskiedmateriaal in verband met die voormalige Boererepublieke en veral van die Anglo-Boereoorlog" waarna vroeër verwys is. 'n Aantal vertellings is opgeneem in Steyn (samesteller) 1999.

Die Huisgenoot se sukses het ook ander tydskrifte en koerante gestimuleer. Sy direkte mededinger, Die Brandwag, het 'n lang ruk belangrike artikels geplaas. Die Burger het die opsienbare Met die Boere in die veld van Sarah Raal as vervolgreeks gepubliseer. Toe dit in boekvorm uitgegee is, het 'n hele polemieek in 1938 daaroor ontstaan. Tekenend van die geesdrif vir oorlogstukke is N.P. van Wyk Louw se "Oorlogstories" in Die Jongspan (4 Maart 1938). Dit speel af op Dwars-in-die-weg, wat blykens 'n potlood-inskrywing in Louw se plakboek eintlik sy Van Wyk-grootouers se familieplaas Gunsfontein is (Steyn 1998: 238).

'n Mens sou moeilik kon beweer dat Die Huisgenoot 'n "slagofferkompleks" in verband met die konsentrasiekampe kon laat ontstaan het. Op so 'n kompleks wys Giliomee, wat skryf dat die werklike slagoffers baie min oor die stryd en die kampe gepraat het. 'n Nuwe generasie het "skielik dertig jaar ná die oorlog die lyding van die kampe begin gebruik om politiek die vlag vir Afrikaner-nasionalisme te hys". Giliomee verwys na die mening van Ian Buruma dat daar net een manier is waarop 'n nuwe geslag hom met die lyding van vorige geslagte kan identifiseer en dis om opnuut en herhaaldelik in die publiek aan hierdie lyding erkenning te gee (Giliomee 1999: 11).

Die Huisgenoot het egter, soos aangehaal, sy 1937-wedstryd vir vertellings deur Boervroue beperk tot die wederverings van vroue buite die konsentrasiekampe. Teen daardie tyd was die konsentrasiekampe al 'n gevoelige saak – onder meer omdat sommige Engelssprekendes die lyding in die kampe probeer wegpraat of die skuld vir die sterftesyfer op die Boere self gepak het. Dit het geblyk uit 'n polemieek wat in 1928 ontstaan het nadat sir Arthur Conan Doyle, skepper van die Sherlock Holmes-speurverhale, met 'n besoek aan Bloemfontein 'n aanval op die Vrouemonument gedoen het (Steyn 1987: 153-158).

'n Mens sou miskien kon betoog dat dit nie moeilik is om van Die Huisgenoot se erkenning aan die heldedade en ontberings van 'n vorige generasie oor te stap na hul lyding en slagofferskap nie. Die Huisgenoot kon dus indirek bygedra het tot die skep van 'n "slagofferkompleks". Maar 'n mens sou ewe goed kon betoog dat Doyle eintlik die slapende honde (oor die kampe) wakkermaak het.

As nie-politieke gesinsblad wou Die Huisgenoot hom klaarblyklik buite moontlike nuwe polemieke oor die konsentrasiekampe hou. In 1938 was daar inderdaad 'n kwaai skrywery oor Met die Boere in die veld. Raal het in een van die hoofstukke 'n realistiese beskrywing van die lewe in die kamp gegee (Steyn 1987: 191-206).

Een van die vrae wat noodwendig na vore kom, is hoe betroubaar die bydraes in Die Huisgenoot was. Die redaksie het dit telkens beklemtoon dat die verhaale korrek moes wees. "Hoofsaak is dat die feite in alle opsigte juis moet wees, met vermelding van plek en datum en die name van persone wat by die gebeurtenis betrokke was," skryf die redakteur op 16 Oktober 1936. Die oorlogsveterane het die wedstryd inderdaad met soveel erns benader dat die blad op 16 Oktober 1936 die sluitingsdatum vir die eerste wedstryd op versoek van belangstellende oudstryders 'n maand verskuif het (tot 30 November). Die meeste van hulle wou meer tyd hê om hul herinneringe te orden, die feite behoorlik te kontroleer en die verhaal in die verlangde vorm te giet. Een van hulle het geskryf: "U moet onthou dat die ouer geslag handiger met die geweer was as wat hulle met die pen is. U moet dus nie alte haastig wees nie".

Soveel van die betrokkenes het toe nog geleef dat lesers dadelik gereageer het as hulle 'n fout ontdek het. Nadat Preller se stuk "'n Seun se heldedaad" op 10 September 1937 verskyn, het drie lesers op 8 Oktober 1937 gewys op onjuisthede wat Preller begaan.

Oor een kwessie het heelparty skrywers die waarheid tog geweld aangedoen. Tientalle briewe is geskryf oor die vraag wie Winston Churchill gevange geneem het. Churchill, wat in die Tweede Wêreldoorlog en daarna Britse eerste minister sou wees, was in die oorlog korrespondent van die Britse koerant Morning Post.

Verskeie weergawes is van sy gevangeneeming gegee. Telkens is ander name genoem. Die aanneemlikste naam is egter nie in Die Huisgenoot genoem nie, maar word verstrekk deur die historikus C.J. Barnard in Genl. Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900. Hy haal aan uit 'n rapport van Danie Theron aan die staatssekretaris en meld dat Churchill nie wou "stilstaan toen veldkornet Oosthuizen hem waarschuwe die over te geven. Eerst toen deze zijn geweer op hem aanlegde gaf hij zich over". In die lig van hierdie getuie is kan daar min twyfel bestaan dat veldkornet S.F. Oosthuizen (1862-1900), wat weens sy voorkoms as die "Rooi Bul van Krugersdorp" bekend was, Churchill gevang het.

Barnard voeg by: "Aangesien Oosthuizen nie die oorlog oorlewe het nie, het sy weergawe van die voorval nooit bekend geword nie. Dit verklaar waarskynlik waarom die mense wat later daarop aanspraak gemaak het dat hulle vir Churchill gevange geneem het, mettertyd die omvang van 'n klein kommando aangeneem het" (1970:38).

Kortom: Viljoen het daarin geslaag om tientalle ego-dokumente vir die nageslag te red. Hy het ook gelyk wanneer hy daarop aanspraak maak dat Die Huisgenoot moontlik die eerste stoot gegee het tot ywerige navorsing in verband met die oorlog (Viljoen 1953: 116).

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bibliografie

Barnard, C.J. 1970. Genl. Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900. Kaapstad.

Breytenbach, J.H. 1969. Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Pretoria: Die staatsdrukker.

- Du Plessis, P.J. 1988. Die lewe en werk van Gustav Preller (1875-1943). D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: prof. A.P.J. van Rensburg.
- Giliomee, H. 1999. Laat vaar die skuldgevoel én slagofferskap. Rapport, 4 Julie 1999, 11.
- Jansen, Ena. 1999. Afrikaanse tekste oor die tweede Anglo-Boereoorlog. In Ena Jansen en Wilfred Jonckheere (samestellers) 1999: 10-24.
- Jansen, Ena en Wilfred Jonckheere (samestellers). 1999. Boer en Brit. Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kröger, D.W. 1979. Die Krugermiljoene. Johannesburg. Johannesburg: Perskor.
- Muller, C.F.J. 1990. Sonop in die suide. Geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Oberholster, A.G. Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902. Met inleiding, teksversorging en geskiedkundige aantekeninge (deur A.G. Oberholster). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Pieterse, H.J.C. 1946². Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Preller, Gustav S. 1940². Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers.
- Pretorius, Fransjohan. 1991. Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902. Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Scholtz, G.D. 1939. Europa en die Tweede Vryheidsoorlog. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Stemmet, J.F. 1975. Die insameling van outobiografiese getuienisse oor die Anglo-Boereoorlog. Christiaan de Wet-Annale 3, Oktober 1975 pp. 105-122.
- Steyn, J.C. 1987. Trouwe Afrikaners. Aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1998. Van Wyk Louw – ’n lewensverhaal. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. (samesteller) 1999. Veg en vlug. Ware verhale van manne en vroue uit die Anglo-Boereoorlog. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Merwe, N.J. 1921. Marthinus Theunis Steyn, ’n lewensbeskrywing, deel II. Kaapstad, Bloemfontein, Maritzburg en Stellenbosch: De Nasionale Pers, Beperkt.
- Van Schoor, M.C.E. 1997. ’n Bittereinder aan die woord. Geskifte en toesprake van Marthinus Theunis Steyn. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.
- Viljoen, J.M.H. 1953. ’n Joernalis vertel. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Weeber, E.J. 1940. Op die Natalse front. Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth: Nasionale Pers.

[\(1\)](#) Vergelyk byvoorbeeld die berig "Talle mense in stad leef in die grootste nood en ellende" in Die Transvaler, 22 Junie 1939, waarin 'n aantal gevalle van kwaai armoede beskryf word.

[\(2\)](#) Die woord rassehaat is destyds gebruik vir die gevoelens tussen Afrikaners en Engelse.

[\(3\)](#) C.J. Uys skryf in dieselfde uitgawe (14 September 1934) oor dié tema in sy artikel: "Generaal Piet Joubert. "Van 'n staatsman is 'n krygsman gemaak"".

[\(4\)](#) Die Huisgenoot meld dit in sy hoofartikel van 22 Junie 1933.

[Elektroniese weergawes van](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir](#) [Bo](#)
[T.N&A](#) [outeurs](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 2.Desember 1999

[Temanommer](#) | [J.L. Coetser](#) | [Frederick Hale](#) | [Ena Jansen](#) | [Paul Schulten](#) | [J.C. Steyn](#) | Chris van der Merwe

Op soek na goed en kwaad. Twee resente romans oor die Anglo-Boereoorlog.

- Chris van der Merwe -

Abstract

The world turns and the world changes,
 But one thing does not change (...)
 However you disguise it, this thing does not change:
 The perpetual struggle of Good and Evil.

-T S Eliot: Choruses from "The Rock"

At the end of the century and the millennium Afrikaans writers are looking closely at the past; a tendency strengthened by the centennial commemoration of the beginning of the Anglo Boer War. Writers on this war differ in their ideological approach; some glorify the feats of Boer soldiers; others focus on Afrikaner shame and guilt. In *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* by Christoffel Coetzee and *Verliesfontein* by Karel Schoeman, history and fiction are intermingled; history is used as a basis for exploring universal themes. Both novels could to some extent be seen as studies in evil; however, they also provide us with a contrasting picture of goodness. In the portrayal of goodness the figure of the innocent scapegoat is of central importance.

Tot onlangs was daar 'n opmerklike skaarste aan Afrikaanse fiksie oor die Tweede Anglo-Boereoorlog. 'n Rede vir hierdie stilswye was moontlik die begeerte om die traumatiese verlede te "vergewe en te vergeet", as gevolg van die potensieel verdelende effek wat die herinnering daarvan op die samelewing sou kon hê. (Vgl. Steyn 1987: 191-206).

In die jongste tyd was daar egter 'n kragtige oplewing in die prosa oor die Anglo-Boereoorlog – by verre die sterkste oplewing sedert die beëindiging van die oorlog in 1902. Jeannette Ferreira het drie romans geskryf met die oorlog as agtergrond, en is ook redakteur van 'n versameling kortverhale oor die oorlog; verder het in die afgelopen jaar oorlogsromans verskyn deur Eleanor Baker, Johnita le Roux, A.H.M. Scholtz, Christoffel Coetzee en Karel Schoeman.

'n Klaarblyklike rede vir die oplewing in Afrikaanse fiksie oor die Anglo-Boereoorlog is die komende honderdjarige herdenking van die begin van die oorlog in Oktober 1899, maar dit is hoogs waarskynlik nie die enigste rede nie. Die belangstelling van Afrikaanse skrywers in die oorlog is 'n onderdeel van "'n bykans obsessionele belangstelling in en bemoeienis met die persoonlike en kollektiewe geskiedenis", soos H.P. van Coller dit stel (1997: 11). 'n Stimulus vir hierdie historiese belangstelling is kennelik die feit dat Afrikaners in meer as een sin aan die einde van 'n tydperk gekom het: die einde van 'n eeu, die einde van 'n millennium, en die einde van die era van apartheid.

Onder sulke omstandighede is dit normaal om terug te kyk. Dit is te verwagte dat

parallele getrek sal word met die einde van die vorige eeu, wat ook vir die Afrikaner 'n krisistyd was en die oorgang na 'n nuwe era ingelui het. In albei gevalle moes die Afrikaner sy politieke mag prysgee, met gevolglike gevoelens van angs en disoriëntasie.

Daar is egter 'n kardinale verskil tussen die twee tye. Honderd jaar gelede is die Britse Ryk deur Afrikaners in die beskuldigdebank geplaas; vandag staan die Afrikaner self in die beskuldigdebank. Met (onder andere) die getuienis van menseregteskendings onder die apartheidsbewind wat voor die Waarheids- en Versoeningskommissie gelewer is, is dit te verwagte dat die Afrikaners se persoonlike en kollektiewe skuld aandag sal ontvang by hul besinning oor die verlede.

Twee teenoorgestelde tipes uitbeelding van die Anglo-Boereoorlog is moontlik, wat skakel met verskillende reaksies op die krisis van die hede. 'n Skrywer kan vertel van daardie oorlog wat algemeen beskou is as die mees heroïese tyd in die geskiedenis van die Afrikaner om sodoende verlore selfrespek te herwin, en moontlik ook wys op die onreg wat teen die Afrikaners gepleeg is – dat die Afrikaners nie die uitsluitlike skuldiges van die geskiedenis is nie. Hierdie benadering is te vinde in die roman Groot duiwels dood deur Eleanor Baker. 'n Ander moontlikheid is om die heroïek van die verlede te relativeer en te dekonstrueer as deel van die konfrontasie met en verwerking van die skuld van die verlede. Dit vind ons in Op soek na generaal Mannetjies Mentz van Christoffel Coetzee en Verliesfontein van Karel Schoeman.

Hierdie verskille in die fiksionele konfrontasies met die verlede herinner aan die Duitse "Historikerstreit" na die Tweede Wêreldoorlog, toe die Duitsers ook gekwel was deur die aanklag van die pas afgelope geskiedenis. Konserwatiewe historici wou die Duitse nasie help met die herwinning van hul selfrespek deur 'n positiewe beeld van die verlede voor te hou; aan die ander kant het iemand soos Habermas die konfrontasie met die donker kant van die Duitse geskiedenis beskou as 'n voorwaarde vir die bevryding van die verlede. Verontskuldiging staan teenoor skulderkenning. [\(1\)](#)

Dit sou moontlik wees om 'n uitvoerige studie te doen oor ideologiese verskille tussen al die Afrikaanse verhale oor die Anglo-Boereoorlog; om na te gaan hoedat die verskille in die uitbeelding van die verlede verband hou met implisiete verskille in die siening van die aard van die huidige krisis van die Afrikaner en maniere om die situasie te verbeter. In hierdie artikel fokus ek net op twee van die bogenoemde werke: Op soek na generaal Mannetjies Mentz van Christoffel Coetzee en Verliesfontein deur Karel Schoeman.

Daar is verskeie ooreenkomste tussen die twee romans wat 'n vergelykende studie lonend maak en wat in die hieropvolgende bespreking ter sprake kom. In albei is daar 'n hegte integrasie van geskiedenis en fiksie. In albei gevalle is daar 'n herinterpretasie van die bekende Afrikaner-geskiedenis, met onbekende historiese gegewens wat aan die lig kom en volksmites wat bevraagteken word. Beide romans verbreed die spesifieke geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog tot temas wat op verskillende situasies toepaslik is, ook op die post-apartheid situasie van vandag. In die soeke na tydlose temas val die fokus in beide werke sterk op die botsende magte van goed en kwaad, wat juis in 'n oorlogstyd so helder na bowe kom.

1. Christoffel Coetzee: Op soek na generaal Mannetjies Mentz

Geskiedenis en fiksie is nou verbonde in Christoffel Coetzee se roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998). Die teks word aangebied asof generaal Mentz 'n historiese figuur was; die inleidende gedeelte is getitel "Redakteursnota", asof die skrywer niks anders gedoen het as om historiese dokumente te orden en te redigeer nie. In die inleiding is daar 'n aantal voetnotas met onberispelike historiese gegewens en verwysings na historiese persone soos Kommandant Chris van Niekerk en Kaptein Slegtkamp; daar is drie aanhalings uit *Commando*, die persoonlike vertelling oor die Anglo-Boereoorlog deur Deneys Reitz, as staving van die skrywer se betoog; daar is inligting oorgeneem uit die SA Biografiese Woordeboek; en selfs 'n vermelding van die filosofiese werk van Saul Kripke, *Naming and Necessity*, as teoretiese basis van die skrywer se argumentasie oor die identiteit van Mannetjies Mentz. Die hele opset is dié van 'n dokumentêre verslag en 'n feitelike betoog.

Die tweede en derde dele van die roman is hoofsaaklik fiksioneel en bevat die storie van Mentz en sy kommando, wat in die berge van die Oos-Vrystaat geveg het na die (historiese) oorgawe van generaals Prinsloo en Roux aan die Britse magte. Die "wraakkommando" van Mentz het dit as hul taak beskou om Boere te bevry wat deur die Engelse gevange geneem was sodat hulle na die Boerekommando's kon terugkeer. Dit was egter nie hul enigste doelwit nie en, met 'n toenemende ignorering van morele beginsels, is Engelse soldate sowel as Boere wat nie meer wou veg nie op verskriklike maniere gemartel en tereggestel.

Die vierde en laaste gedeelte bevat 'n fiktiewe verslag deur 'n historiese figuur, generaal Coen Brits. Die verslag handel oor generaal Brits se besoek aan Mentz, tydens die Tweede Wêreldoorlog, in die destydse Duits-Oos-Afrika. Die roman is deurgaans stewig veranker in die geskiedenis, selfs al bly dit nie altyd aan historiese gegewens getrou nie. In 'n onderhoud met Stephanie Nieuwoudt in *Die Burger* het die skrywer genoem dat Mannetjies Mentz 'n fiktiewe persoon is – of "dalk is hy 'n saamgestelde figuur". Met aanhalings uit Reitz se *Commando*, en deur herhaalde verwysings na die beroemde Boeresoldaat, kaptein Slegtkamp, suggereer die skrywer dat daar historiese parallels met die wraakkommando van Mentz was: selfaangestelde groepe wat onafhanklik van die oorlogsleiding van die Boere werksaam was, en wat dikwels meer soos 'n groep struikrowers opgetree het as 'n gedissiplineerde afdeling soldate.

Deur die Huisgenoot-artikels van Dirk Mostert oor kaptein Slegtkamp en die verwerking daarvan tot die boek *Slegtkamp* van Spioenkop (1935) het Slegtkamp in die volksgeheue tot een van die helde van die Boerestryd ontwikkel. Eleanor Baker, in *Groot duiwels dood*, beeld Slegtkamp en sy makker, Jack Hindon, dan ook as helde van die Boerestryd uit (pp. 185-6). Christoffel Coetzee daarenteen, deur die uitbeelding van die onmenslikheid van die wraakkommando van generaal Mannetjies Mentz, en die implisiete assosiasie van hulle met Hindon en Slegtkamp, ondermyn hierdie tradisionele siening. In sy voorstelling van die oorlog laat Coetzee 'n hele aantal Afrikaner-mites tuimel.

Boeresoldate word nie in die boek geromantiseer nie – maar aan die ander kant is daar ook nie sonder meer Boere-aftakeling nie. Mentz en sy manskappe is nie bloot wrede monsters nie, maar ook deerniswekkende slagoffers van geweld. Dis nie die Boerekommando nie, maar die oorlog as verskynsel wat in die eerste plek die

oorsaak is vir die eskalering van wreedheid. Die geweld van die oorlog versprei steeds verder, en laat uiteindelik niemand in die land onaangeraak nie. Die vroue word, ter wille van oorlewing, hard en meedoënloos; ook die Witsies, swartmense wat aanvanklik niks met die oorlog te doen het nie, moet genadeloos soos Mentz se kommando word om laasgenoemde te kan verdryf. 'n "Gentleman's war" bestaan nie; en daar is geen sin in die romantisering van 'n oorlog nie.

Dit is duidelik dat die Anglo-Boereoorlog nie slegs tussen wit mans uitgeveg is nie; wit vroue en swartmense is eweseer daardeur getref. Soms is vroue die ware helde van die Boerestryd. Die vroue voel baie sterker oor die voortsetting van die oorlog, en briljante oorlogstrategieë word soms deur vroue beplan, en nie mans nie (pp. 46-48). Die mite van die tradisionele Afrikaner-patriargie, met sterk mans en onderdanige vroue, word duidelik ondermyn.

Nog 'n mite wat in die slag bly, is dié van die tradisionele "apartheid" tussen wit- en swartmense. In 'n hele aantal tonele blyk dit dat seksuele drifte nie deur verskille van ras gekortwiek word nie. Wat meer is, wit en swart vroue is goeie vriende voor die uitbreek van die oorlog; hulle dans saam en hulle bid saam (pp. 36-39). 'n Sterk band van vriendskap bestaan ook tussen die wit boer en sy vertroueling, Jan Witsies. Hulle het saam by Majuba geveg, en saam gaan hulle op jagtogte uit. Op hierdie jagtogte blyk daar 'n wedersydse respek te wees tussen die wit man en die Zulu's in wie se gebied hy jag (pp. 140-1). Die oorlog verander egter hierdie harmonieuse saambestaan, en die eerste tekens van verandering kom wanneer, in 'n intens dramatiese toneel, die verteller se moeder vir Jan Witsies beveel om hul plaas af te brand (p. 40). Die moeder wil nie die Engelse die plesier gee om die plaas aan die brand te steek nie, maar sy wil dit darem ook nie self doen nie – Jan Witsies moet die vuil werk doen, en hy haat dit.

Dit is duidelik dat die skrywer van die boek uitgebreide navorsing oor die oorlog gedoen het. Hy lewer kommentaar op tradisionele geskiedenisbeskouings, en staaf sy beskouings met historiese verwysings. En tog is die boek meer as "blote geskiedenis"; die fiksionele element gee aan die skrywer die geleentheid om nie tot die een spesifieke oorlog beperk te bly nie, maar ook te skryf oor algemene, fundamentele aspekte van die menslike bestaan.

Die roman is 'n studie in boosheid, in die donker "tweede natuur" van die mens wat altyd aanwesig is en in tye van oorlog sterk na bo kom. Die twee sentrale elemente van die "tweede natuur" wat in Mannetjies Mentz uitgebeeld word, is wrede geweld en ongetemde seksualiteit. Die twee vertrouelinge van Mentz, Voss en Niemann, is (soos wat hul name suggereer) nie meer mense nie, maar diere; simbole van gewetenlose gewelddadigheid. Hierdie twee is die mees skrikwekkende verteenwoordigers van die bose, maar geen karakter ontsnap aan hierdie "laere natuur" van die mens nie. Mentz se naam suggereer dat hy 'n simbool van die mens is, 'n Elckerlijc-figuur – veral van die donker kant van mens-wees, in sonderheid van die "mannetjiesmens".

Die roman vang aan met die vraag oor die identiteit van Mannetjies Mentz; algaande blyk dit dat Mannetjies Mentz nie iewers "daar buite" is nie, maar binne-in alle mense. Hiermee word die funksie van die verbinding van fiksionaliteit en historisiteit duidelik; die suggestie is dat Mentz homself inderdaad in die geskiedenis gemanifesteer het, maar dan nie as 'n spesifieke persoon nie, maar as deel van die menslike psige. Selfs die skynbaar "goeie" karakters verloor hul onskuld in die loop van die verhaal. Aunt Soph byvoorbeeld, 'n wyse figuur, soos haar naam trouens aandui, word gekwel deur allerlei teenstrydige gevoelens. Sy

neem 'n leidende rol in die stryd teen Mentz; sy is woedend oor sy onbeskaamde gedrag; maar desnieteenstaande begeer sy hom seksueel. Jan Witsies, aanvanklik nie deel van die oorlog nie, pleeg later wreedhede soortgelyk aan dié van Mentz se kommando, in 'n steeds spreidende vuur van geweld. Sommige karakters, hoewel nie skuldig aan wrede daade nie, is tog deel van die kollektiewe skuld deur hul troebel begeertes.

Die roman beeld intens gekwelde karakters uit, magteloos om hul drifte in toom te hou en terneergedruk deur die las van hul gewete. Nógans, hoewel die boosheid soos 'n aansteeklike siekte versprei en 'n onontkombare skuldgevoel meebring, is daar ook tekens van hoop. Dit word veral bewerkstellig deur die Engelse soldaat Charlie White, 'n uitsonderlik eerbare man (vergelyk wit as konvensionele simbool van reinheid). White word onskuldig gemartel en vermoor deur Niemann. Dit is betekenisvol dat, net voor die vertelling van White se dood, 'n vlekkelose lam deur Jan Witsies se grootmoeder geslag word ter beskerming teen die bose. Charlie White en die vlekkelose lam word sodoende op die simboliese vlak met mekaar verbind. Dit is veelseggend dat, kort na die dood van Charlie White, Jan Witsies en sy helpers daarin slaag om die kommando van Mentz te verdryf; die dood van die "slagoffer" White het die verlossing moontlik gemaak.

Witsies en White, "wit" simbole van goedheid en die stryd teen kwaad, oorwin uiteindelik Mentz se kommando. Dit impliseer dat daar 'n "teengif" werksaam is teen die bose – die goeie, soos die kwade, is "aansteeklik" en sprei sy reddende invloed uit. Goed en kwaad, skuld en onskuld is nie slegs persoonlike, individuele kwessies nie, maar ook kollektiewe botsende magte; naas kollektiewe skuld is daar "kollektiewe onskuld". Hoewel die klem in die roman veral op boosheid val, is dit die goeie wat, danksy White en Witsies, triomfeer.

Nog 'n teken van hoop is die moontlikheid van bieg oor jou kwellinge teenoor 'n simpatieke luisteraar. In die derde deel van die roman vertel Blink Frans aan sy welwillende suster Ounooi van sy duister verlede om daardeur helderheid en vrede te vind. Die leser moet homself aan die een kant identifiseer met die Elckerlijc-figuur, Mentz, en met sy trawante in die boosheid; aan die ander kant met Ounooi om die belydenis van boosheid simpatiek aan te hoor. In 'n sekere sin word die leser daartoe gebring om hom oop te stel vir sy eie verhaal. In dié opsig is die roman soos 'n grondige "Waarheids- en Versoeningskommissie", wat indring in die dieptes van die menslike psige om deur openhartige blootlegging vrede te bring.

Deur die verbreding van die geskiedkundige gegewens tot algemene aspekte van die menslike natuur, verkry die roman van Coetzee 'n relevansie wat nie tot een plek en tyd beperk is nie. Die aktiwiteite van die kommando van Mentz vertoon 'n duidelike ooreenkoms met die ondergrondse aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte in die tagtigerjare. Die roman handel nie net oor die trauma van die Anglo-Boereoorlog nie, maar meer nog oor die huidige verwerking van die verlede. 'n Mens se natuurlike neiging, vandag soos in die verlede, is om jouself volkome van die "skurke" van die verlede te distansieer, soos wat die lede van die Mentz-familie wat deur die skrywer uitgevra is, alle verwantskap met hom ontken het (pp. 18-21). Ons is vandag nog steeds "op soek na generaal Mannetjies Mentz", en Christoffel Coetzee wys die weg na hom aan, as 'n eerste stap om versoen te word met onself en ons verlede.

2. Karel Schoeman: Verliesfontein

Die publikasie van Karel Schoeman se roman *Verliesfontein* (1998) bring die voltooiing van die trilogie "Stemme". Hoewel *Verliesfontein* die laaste van die drie verskyn het, vorm dit deel 1 van die trilogie. In deel 1, soos in die ander twee dele, is persoonlike en kollektiewe geskiedenis ingebed in die struktuur van die geheel.

Die roman bevat 'n besonder lang inleidende deel. Hierdie gedeelte, waarin meer gefokus word op die skrywer-verteller-karakter as op die verhaal wat hy wil vertel, beslaan die eerste 68 bladsye; en in die daaropvolgende hoofstuk, wat die eerste van die karakters van die verhaal aan die leser voorstel, tree die verteller ook nog telkens na vore. Vervolgens word die verskillende karakters van die "eintlike" verhaal aan die woord gestel; maar in die slot kom die skrywer-karakter weer aan die woord.

Dit blyk hieruit dat die roman nie net die verhaal van *Verliesfontein* is nie, maar ook van die skryf van die roman *Verliesfontein*. Die lang inleiding is nie net die inleiding tot die een roman nie, maar tot die hele trilogie waarvan *Verliesfontein* die eerste deel is. Dit gee die worsteling van die skrywer weer teen die magte van stilte en duisternis – twee van die mees prominente motiewe in hierdie roman en in die trilogie as geheel. Juis die lengte van die inleiding dui die moeilike "reis" van die skrywer na waarheid en betekenis; maar dit verklaar ook die opwinding by die vind van wat hy gesoek het, wanneer dit blyk dat die moeite nie tevergeefs was nie.

Die inleiding beeld die integrasie uit van persoonlike en algemene geskiedenis. In die eerste hoofstuk gebruik die skrywer-verteller die terme "jy" en "mens" as hy van homself praat – hy is nog versigtig om persoonlik betrokke te raak. In die volgende twee hoofstukke ontwikkel hy tot 'n meer individuele romankarakter wat nie net filosofer, soos in die eerste hoofstuk nie, maar ook handelend betrokke raak by die skryf van die verhaal van *Verliesfontein*. Die gebruik van die derdepersoonsvorm vir die karakter suggereer egter steeds 'n versigtige distansiering deur die skrywer Schoeman van sy skrywer-verteller. Wanneer die skrywer-verteller met die "eintlike" verhaal begin (p. 69), gebruik hy vir die eerste keer die eerste persoonsvorm, wat óf kan dui op 'n meer volledige identifikasie tussen skrywer en skrywer-karakter, óf bloot die gebruik van 'n tipiese romantegiek om "geloofwaardigheid" aan die vertelling te verleen.

Hierdie wisseling tussen verskillende persoonsvorme suggereer 'n komplekse proses van identifikasie én van distansiering tussen die skrywer Schoeman en sy skrywer-verteller. In die slot van die roman, wat herinner aan die beroemde intrede van die skrywer in *Multatuli* se Max Havelaar, lyk dit of die identifikasie tussen skrywer Schoeman en skrywer-verteller verstewig word. Schoeman se skrywer-verteller tree nou weer sy verhaal binne (in die eerste persoonsvorm) en neem die hand van die karakter Kallie, wat besig is om sy "Epitome" te skryf. Kallie, 'n tipiese Schoeman-karakter, is 'n eensame buitestaander en 'n skrywer oor die dinge wat vir hom waarde het. Met die slot word 'n komplekse identifikasie-proses gesuggereer: agter Kallie staan die onsigbare skrywer-verteller wat hom lei; agter die skrywer-verteller is die skrywer Schoeman, "oral aanwesig maar nêrens sigbaar nie" (in die woorde van Flaubert); en ook: agter die skrywer Schoeman is 'n bonatuurlike Hand wat hom lei en help.

Op 'n hele paar plekke in die roman word aangedui dat die skrywer-verteller op 'n

misterieuse wyse in sy soektog gehelp word; dat hy anders, en beter, gelei word as wat hy self beplan het. Hy beplan om 'n verhaal te skryf oor die Boere-rebel Giel Fourie, maar word gelei na die aangrypende geskiedenis van Adam Balie, die Kleurling-held. In plaas van die bekende weergawe van die Afrikaner-geskiedenis word hy gelei na gegewens uit die duister en die stilte, wat hy aan die lig moet bring. In hierdie soektog na 'n sinvolle verhaal blyk dit dat ontvanklikheid en geduldige afwagting die belangrikste vereistes vir die skrywer-verteller is (p. 29); dat alles wat hy skryf, afhanklik is van 'n mistieke openbaring (p. 50).

In verskeie opsigte sluit Verliesfontein aan by die idioom van die postmodernisme: in die metafiksionele aanbod, in die versmelting van historiografie en fiksie, in die besef van die "onverwoordbare ervaring" (p. 12) wat nooit presies deur taal gereflekteer kan word nie; in die weergawe van 'n "counter-memory" teenoor die meesternarratiewe van die tyd (vgl. Van Heerden 1997:44). Maar steeds sterker, in die verloop van die verhaal, gaan die roman teen die stroom van die postmodernisme in: deur die geloof aan 'n mistieke openbaring en aan 'n tydlose waarheid wat deur die skrywer, as profete-figuur, aan die leser oorgedra word.

Die tema van die soeke na 'n tydlose waarheid bepaal die tydsaanbod in die roman. Die tydperk waarin die gebeure afspeel, kan taamlik noukeurig bepaal word – dit is die somer van 1900-1901, tydens die inval in en kortstondige besetting van 'n Kaaplandse dorp deur 'n Vrystaatse kommando. Ondanks hierdie presiese tydsaanbuiding word daar in die roman weg beweeg van lineêre tyd. Die tydstruktuur is meer soos dié van 'n mosaïek, wat stukkie vir stukkie voltooi word, as dié van 'n stroom wat in een rigting vloei. Daar is ook 'n "gelyktydigheid" in die aanbod, deurdat opeenvolgende verteller-karakters telkens verskillende perspektiewe op steeds dieselfde mense en gebeure gee. Sodoende kom verder 'n sikliese tydsaanbod tot stand, 'n wenteling om dieselfde dinge. Die sikliese element word versterk deur die intrede van die skrywer-verteller aan die begin en die einde van die roman.

Maar eintlik sou dit beter wees om die tydstruktuur as 'n spiraalgang te beskryf; want die voortgang is nie 'n sinlose herhaling nie, slegs 'n progressie om tot 'n sinvolle waarheid te kom. Aan die einde van die roman is die doel bereik, die soektog na sin is voltooi. Die karakters wat wesenlike morele waardes beliggaam, dring steeds sterker op die voorgrond, totdat hulle aan die einde in die sentrum staan: die altruïstiese vroue, miss Godby en Minnie Colefax; die skrywer-optekenaar Kallie, en bowenal die martelaar Adam Balie. Die volgorde van die gebeure word nie bepaal deur chronologie nie, maar deur die soeke van die skrywer na dinge van waarde. Wanneer die marteling van Adam uiteindelik geopenbaar is, word dit duidelik dat hierdie geskiedenis die fokuspunt moet wees waarna die skrywer-verteller van die begin af gesoek het. In die geskiedenis van Adam word die tydlose waarhede gegee wat sin aan die soektog van die skrywer verleen; daarin word die wese van goed en kwaad geopenbaar. In die struktuur van die spiraal word die voortgang van die tyd verbind met die steeds terugkerende aard van essensiële waarhede.

Ook in die uitbeelding van die ruimte is die spesifieke en die algemene nou verbonde. Die skrywer-verteller is op soek na 'n spesifieke plek, Fouriesfontein. Aanvanklik word die reis realisties uitgebeeld (hoewel daar nie in die werklikheid 'n plek soos Fouriesfontein bestaan nie). Maar dan, wanneer die afdraaipad nie gevind kan word nie, word die skrywer-verteller op 'n onverklaarbare, mistieke wyse na Fouriesfontein gelei. Dit is 'n reis waarin hy die fotograaf Eddie, 'n kleinburgerlike, verbeeldinglose tipe, agterlaat, om te kom by 'n tussenruimte, 'n

verbeelde plek, 'n "ruimte tussen twee werklikhede" (p. 44). Dit is hier waar buite-en binnewêreld ineenvloei, waar historiese figure met argetipes uit die onderbewuste verbind. Dit is 'n mistieke, tydlose plek – maar tegelyk 'n plek wat uiters sintuiglik aangebied word. Skerp waarneming van visuele en hoorbare detail kenmerk die verhaal; in hierdie sintuiglikheid word die spesifieke van tyd en ruimte verbind met dit wat nie aan tyd en ruimte gebonde is nie. Daar is by die skrywer-verteller dikwels die begeerte om naby te kom aan diegene van wie hy vertel, om presiese (sintuiglike) besonderhede te kan gee – maar ook 'n begeerte om afstand op die gebeure te kry, om verbande raak te sien, en om uit te kom by wat van algemene waarde is.

Ook in Schoeman se aansluiting by en afwyking van historiese gegewens blyk die strewe na die verbinding van die spesifieke met die algemene. Die verhaal van Adam Balie roep duidelik die geskiedenis van die dood van Abraham Esau op 5 Februarie 1901 naby Calvinia in herinnering. Dit is 'n geskiedenis wat nie algemeen bekend onder Afrikaners is nie. Maxie Hugo, kurator van die Calvinia-museum, maak byvoorbeeld in twee onlangse artikels in Die Burger oor karakters van Calvinia in die Anglo-Boereoorlog, geen melding van Abraham Esau nie. In die eerste artikel noem sy wel gebeurtenisse wat ook in Verliesfontein uitgebeeld word: 'n Vrystaatse kommando wat Calvinia in Januarie 1901 binnegeval het, "'n paar dramatiese weke" waarin die landdros van sy pos onthef is en deur 'n Boer vervang is; en ook dat in dié tyd "verskeie lojaliste ... gevange geneem" is (Hugo 1999: p. III). Onder laasgenoemde frase lê die ongemaklike waarheid verswyg van die marteling en dood van Abraham Esau. Tereg skryf Bill Nasson, na aanleiding van die dood van Esau: "The cleavage produced by this historic melodrama has equipped Coloured and Afrikaner people in Namaqualand with two different histories and two different memories" (Nasson 1991: 137). Deur sy roman wil Schoeman Afrikaners bewus maak van hierdie onderdrukte deel van hul kollektiewe geskiedenis.

'n Artikel van Karel Schoeman in die kwartaallike Bulletin van die SA Biblioteek (Schoeman 1985) was een van die eerste pogings om die geskiedenis van Esau aan die vergetelheid te ontruk. Schoeman gee in die artikel die gegewens van die inhegtenisneming, marteling en wederregtelike teregstelling van die pro-Britse Esau. (2)

Aan die einde van sy artikel verklaar Schoeman: "'n Nadere ondersoek na die oorsake van hierdie uitbarsting van geweld op Calvinia sou ongetwyfeld interessant wees, en waarskynlik ook verhelderend. Intussen bly die vermoede dat die dood van Abraham Esau deel was van 'n patroon wat veel wyer strek as bloot die besetting van Calvinia, die Boere-inval in die Kaapkolonie, of selfs die Anglo-Boereoorlog as geheel" (1985: 64). Dit is dan ook presies wat Schoeman openbaar in Verliesfontein: die oorsake van die geweld op Calvinia, en 'n dieperliggende "patroon wat veel wyer strek" as Calvinia.

Vir Schoeman gaan dit nie bloot om die spesifieke geval van Esau nie. Daarom soek hy nie na historiese verklarings vir wat met Esau gebeur het nie en plaas dit nie binne 'n historiese konteks nie. Hierin verskil hy van die benadering van Johnita le Roux in haar oorlogsroman Kus van die winterskerpioen, wat ook die "ander kant" van die saak stel, en die gebeure plaas binne die groter konteks van Britse rassisme en die gebruik van "nie-blanke" deel van die bevolking in die stryd teen die Boere (3). Schoeman soek nie na historiese verklarings nie, maar na algemene patrone en argetipiese betekenis.

Daar is allerlei parallelle en verskille tussen die romankarakters en historiese persone wat 'n rol gespeel het in die Esau-geskiedenis. Die landdros in die roman, byvoorbeeld, is 'n saamgestelde figuur, met iets van landdros Nieuwoudt, van veldkornet Van der Merwe en van generaal Hertzog (wat aan die hoof van die Boere-invallers uit die Vrystaat gestaan het). Die feit dat die romankarakters nie 'n een-tot-een verbinding met historiese persone het nie, bring mee dat die toepaslikheid van die roman verbreed word. Die gevangenstraf sonder verhoor en die marteling in die tronk, waaraan Esau onderwerp is, kan toegepas word op Suid-Afrika van die sewentiger- en tagtigerjare; Esau het (onder andere) iets van 'n Biko-figuur. Die skuld van 1901 is ook die skuld van die onlangse verlede.

Fouriesfontein is nie Calvinia nie, maar 'n universele slagveld van onreg en reg; Adam Balie is nie sonder meer Abraham Esau nie, maar 'n argetipiese martelaarheld. Die roman is wel in die geskiedenis geanker, maar die geskiedenis is getransformeer tot algemene waarheid. Die patrone wat die karakters vorm, in hul interaksie met mekaar, is tydlose patrone van goed en kwaad.

Skerp karakterkontraste laat hierdie patrone van goed en kwaad helder uitstaan. Broodryk, die dominee, is 'n magsfiguur op Fouriesfontein – hy was "'n kwarteeu lank alleenheerser oor 'n afgeleë plattelandse gemeente" (79). Onder sy leiding word die Kerk 'n Afrikanerkerk, en dit is hy wat sorg dat die gedenkteken vir die Boere-rebel binne die ringmuur van die Kerk geplaas word (81). Teenoor hom, onopvallend, is die egte vroomheid van Mrs Rigby, wat in krisistye aandring op gesamentlike gebed, en wat daardeur troos bring in tyd van nood (212-13, 215). 'n Godsdienstige deurdring van nasionalisme en mag kontrasteer met 'n godsdienstige behoefte afhanglikheid in tyd van onreg en nood.

Die vertellings van Alice Macalister, dogter van die Skotse magistraat, en van Miss Godby, suster van die dokter, vorm ook 'n duidelike kontras met mekaar. Vir Alice is die twee gebeurtenisse wat in die vertelde tydperk uitstaan, haar romantiese aand met die rebel Giel Fourie, en die vertrek van haar vader met die besetting van die dorp deur die Boere. Sy is deel van 'n koue, geslote gesin, "'n sirkel wat wentel om hul eie as" (185); sy is meer geïnteresseerd in haar eie spieëlbeeld (186) as in die menslike drama wat hom in die dorp ontvou. Daarteenoor staan Miss Godby se belangstelling in die "alledaagse" goedheid van Minnie Colefax. Minnie word deur Alice geïgnoreer, maar Miss Godby word geraak deur Minnie se hulp aan almal wat haar nodig het, veral die behoeftige bruinmense; deur haar woede oor alle vorms van onreg, en haar onverskrokke protes daarteen. Wat jy raaksien, openbaar wie jy is; Alice sien eintlik net haarself raak, terwyl Miss Godby die onopvallende goedheid van Minnie Colefax opmerk.

Al die karakters in die roman is variasies op die tema van goed en kwaad. Minnie Colefax en die nuwe Boere-landdros is skynbaar albei "ordentlike" mense, deel van 'n beskaafde gemeenskap – maar onder die oppervlakte is hulle teenpole van mekaar. Dit is een van die verrassende openbarings van die roman, dat wat op die oppervlakte so dieselfde lyk, so wesenlik van mekaar kan verskil; Minnie se "gewone" goedheid en die landdros se "beskaafde" boosheid. Miss Godby, in haar kontak met die landdros, kom tot die besef watter vorm van die boosheid hierdie man verteenwoordig:

"Ten slotte is dit vir my 'n kwessie van mag, sou ek sê, mag wat nie met 'n gepaste besef van verantwoordelikheid gepaard gaan nie, mag wat sonder wig of teenwig uitgeoefen word, sonder 'n stelsel van waardes wat dit sou kon rig of beheer, en sodoende onvermydelik misbruik word. Dit is wat ek met "boosheid" bedoel of met

"duisternis" (227).

In die roman is daar twee tipes buitestaanders: dié wat deur eie keuse hulself van die gemeenskap afskei, soos Alice, en dié wat deur die gemeenskap uitgestoot word. Onder laasgenoemdes tel miss Godby, en ook die kreupel magistraatsklerk Kallie. Hierdie buitestaanders is dikwels die skerpste waarnemers van wat gebeur, omdat hulle nie self deur die stryd opgeneem word nie, maar ook nie so selfbehep is dat die gebeure onopgemerk by hulle verbygaan nie.

Kallie vertel aanvanklik niks van die Balie-geskiedenis nie. Wanneer dit aan die einde van sy vertelling wel geopenbaar word, is daar 'n sterk suggestie dat Kallie hierdie inligting aan die begin onderdruk het, omdat hy skuldig voel deurdat hy niks gedoen het om die onreg teen Adam Balie en teen die bruinmense in die algemeen te keer nie. Sy obsessionele verontskuldigings (bv. 172, 173) is waarskynlik tekens van skaamte en skuld. Maar ten slotte is daar tog blyke van genade vir Kallie. Kallie word die lyk van Adam getoon (174), met die suggestie dat hy moet bekend maak wat gebeur het. Kallie is die optekenaar, die skrywersfiguur, en ook hy kry sodoende 'n sinvolle rol in die gebeure. Die dinge van waarde waarna die skrywersfiguur van die begin van die roman gesoek het, word teen die einde geopenbaar: die praktiese goedheid van Minnie Colefax, die heroïek van Adam Balie, en die getroue verslaggewing van die skrywer Kallie.

Adam is die held van die roman, die hoogste manifestasie van goedheid. Hy durf die noodlot aan, "soos 'n voël wat fladder in 'n kou en met sy vleuels al hoe driftiger teen die tralies slaan" (198-199). Hy lê hom nie neer by al die beperkinge wat die bruinmense opgelê word nie; hy wil 'n selfstandige lewe lei – en hy slaag ook daarin (199). Sy opstand bring hom egter onvermydelik in konflik met die gesag van die Boere op die dorp – nie alleen omdat hy pro-Brits is nie, maar veral omdat hy 'n Kleurling is wat "nie sy plek ken nie". Vir sy volgehoue selfstandige denke en optrede moet hy betaal met gruwelike marteling en uiteindelik die dood, maar desondanks verloën hy nooit die beginsels waarin hy geglo het nie.

Deur sy naam kry hy mitiese betekenis. Hy is die Bybelse Adam, soos wat die herhaalde assosiasie met vyeblore suggereer (202, 205). Deur die onreg hom aangedoen, verloor miss Godby haar onskuld – haar "Paradys" word deur die aanraking met die sonde verwoes:

"Dit was toe dat die grond voor my voete oopskeur en ek in die afgrond afkyk (...) die flenterdun korsie waarop ons almal gelewe en beweeg het, het gekraak, gebars en oopgeskeur, en ek het bewus geword van die donker" (227).

Adam Balie is ook 'n Christus-tipe, die "tweede Adam" (4). Sy volgehoue stryd teen onreg, sy onskuldige marteling en sterwe, die feit dat hy homself vrywillig laat vang sodat sy mense vrede kan hê (218) – dit alles wys heen na Christus, die onskuldige martelaar, die sondebok-tipe. Met een belangrike verskil: van Christus word vertel dat hy opgestaan het; Adam is onherroeplik dood. Beteken dit dat die bose die oorwinning op Fouriesfontein behaal het?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet 'n mens na die Schoeman-trilogie as geheel kyk. Adam Balie vorm in baie opsigte 'n parallel met Danie Steenkamp, die digter, profeet en martelaar in Die uur van die engel, deel 3 van Schoeman se trilogie. Steenkamp is "soos die man in die Bybel wat tussen die wiele tot onder die gerub ingaan en sy vuiste vul met vurige kole van tussen die gerubs" (368). Hierdie hemelse goedheid wat hy vir homself inpalm, word weliswaar nie in sy tyd

waardeer nie; tog bly die herinnering daaraan voortleef en iets daarvan word na ander oorgeplant. By al die verskillende vertellers in die roman is Steenkamp die implisiete bron van inspirasie en betekenis. Hy is soos die onsigbare spoorelemente waarsonder geen lewe moontlik is nie, om 'n beeld van Martinus Versfeld te gebruik. Van geslag tot geslag verdof die herinnering egter, sodat daar met verloop van tyd 'n nuwe offer gebring moet word, 'n ander held moet verskyn om suiwering in die gemeenskap te bring. So 'n held is Adam Balie.

Die trilogie begin met Adam Balie, en eindig met Danie Steenkamp. Uit chronologiese oogpunt, begin die trilogie met Steenkamp en eindig met Balie, omdat die trilogie anti-chronologies verloop. Sodoende vorm die trilogie 'n sikliese beweging waarin die onskuldige sondebok-tipe chronologies en verhaalmatig die begin- en eindpunt is. Of, anders gestel, waarin die sondebok die middelpunt is waarom alles wentel. In die geheel van die trilogie gesien, is Adam se dood nie bloot die einde van sy lewe nie, maar die begin van sy inspirerende lewe in die herinnering van sy mense.

Sodoende is Adam se dood nie net 'n verlies nie, maar ook 'n bron van lewe. Die titel van die roman suggereer dit dan ook: verlies sowel as fontein. Daar word vertel van die verlies van baie dinge: verlies van onskuld, verlies van harmonie tussen die inwoners van die dorp, verlies van kosbare lewe. Maar die verlies van Adam se lewe is tegelyk "fontein" – inspirasie en gids, suiwer bron van nuwe lewe.

* * *

Uit die voorafgaande bespreking kom allerlei parallele na vore tussen die twee romans, Verliesfontein en Op soek na generaal Mannetjies Mentz: die gebruik van die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog as beginpunt vir die blootlegging van algemene menslike waarhede, toepaslik op verskillende tye en plekke; die verbinding van die Anglo-Boereoorlog met die era van apartheid; en die soeke na die wese van goed en kwaad. Die tradisionele verheerliking van die heroïek van die Boere in die Anglo-Boereoorlog is by albei romans afwesig, en die fokus val op die skuld van Afrikaner-Boere. In beide is daar 'n skrikwekkende uitbeelding van boosheid, maar daarnaas ook tekens van goedheid, verlossing en hoop.

Universiteit van Kaapstad

Bibliografie

Baker, Eleanor. 1998. Groot duiwels dood. Kaapstad: Human & Rousseau.

Coetzee, Christoffel. 1998. Op soek na generaal Mannetjies Mentz. Kaapstad: Queillerie.

Coetzee, Christoffel. 1998. "Roman beweeg na aan werklikheid." Onderhoud met Stephanie Nieuwoudt in Die Burger, p. 12, 20 Mei.

Duvenage, Pieter. 1994. "Rethinking the South African history of violence and covert operations." A. Minnaar, I. Liebenberg & C. Schutte: The hidden hand. Covert operations in South Africa. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Hugo, Maxie. 1999. "Calvinia en die rebelle van die Anglo-Boereoorlog." Bylae by Die Burger, p. III, 19 Junie.

Hugo, Maxie. 1999. "Karakters van Calvinia in die Anglo-Boereoorlog." Bylae tot Die Burger, p. III, 26 Junie.

Le Roux, Johnita. 1999. Kus van die winterskerpioen. Kaapstad: Human & Rousseau.

Nasson, Bill. 1991. Abraham Esau's War. Cambridge: Cambridge University Press.

Piper, E.R. (red). 1987. Historikerstreit: Die Dokumentation der Kontroverse um die Einzigartigkeit der Nationalsozialistischen Judenvernichtung. München: Piper.

Schoeman, Karel. 1985. "Die dood van Abraham Esau: Ooggetuieberigte uit die besette Calvinia, 1901." Kwartaallikse Bulletin van die SA Biblioteek, 40 (2), pp. 56-66.

Schoeman, Karel. 1995. Die uur van die engel. Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, Karel. 1998. Verliesfontein. Kaapstad: Human & Rousseau.

Steyn, J.C. 1987. Trouwe Afrikaners. Kaapstad: Tafelberg.

Van Coller, H.P. 1997. "Die Waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig." Stilet 9 (2), pp. 9-21.

Van Heerden, Etienne. 1997. Postmodernisme en Prosa. Kaapstad: Human & Rousseau.

[\(1\)](#) Vir meer besonderhede oor die Duitse debat, kyk Piper 1987, Duvenage 1994.

[\(2\)](#) In sy weergawe, gebaseer op ooggetuieverslae, is daar enkele foute, byvoorbeeld die versmelting van die twee hardhandige karakters, landdros Nieuwoudt en veldkornet Van der Merwe, tot 'n enkele figuur. Dit is later reggestel in Nasson 1991.

[\(3\)](#) Le Roux 1999: 182-185.

[\(4\)](#) vergelyk Romeine 12: 5 e.v.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknummers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 2. Desember 1999